# HOOFSTUK IX.

## BYVOEGSEL.

Inleiding:

Hierdie hoofstuk kon ook soos volg getiteld gewees het:

„Aanvullende gegewens en oorwegings met betrekking tot die huidige ondersoek."

In hierdie hoofstuk word verskillende aspekte, wat die lewe van die eerstejaarstudent aan die betrokke universiteit beïnvloed, toegelig.

Die ondersoeker het in hierdie hoofstuk aandag aan verskeie faktore geskenk wat nie maklik binne die raamwerk van die voorafgaande indeling ondersoek kon word nie.

In die streng wetenskaplike sin van die woord is hierdie hoofstuk dus nie 'n blote „Byvoegsel"nie, maar eintlik 'n integrerende deel van die geheel ondersoek.

(a) Historiese oorsig.

1. Anita Schlebusch was die eerste persoon wat gegewens vir verhandelingsdoeleindes verwerk het. Sy sê onder andere

„Die Senaat van die Universiteit van Pretoria het besluit dat daar ondersoek ingestel moet word na die oorsake van druiping onder die eerstejaarstudente van hierdie universiteit. Ingevolge hierdie besluit is daar in April 1953 'n battery toetse toegepas op die eerstejaarstudente. Alle binnemuurse eerstejaarstudente was versoek om hierdie toetse af te lê, maar slegs 514 uit sowat 620 het opgedaag. Onder die studente wat die toetse afgelê het was daar studente wat wel in hulle eerste akademiese jaar was, maar reeds vir 'n tweede keer aan 'n universiteit geregistreer was." 1)

Hier volg 'n afskrif van die vraelys wat deur die studente ingevul is vir die bogenoemde ondersoek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

Vraelys aan studente.

Volle naam: ..............................................

Geboortedatum:........................Ouderdom:...........

Skool waar Std. X geslaag:.................Jaar..........

Jaargetal waarin jy met jou universiteitstudies begin het:.................................................

Graad of diploma waarvoor jy nou ingeskryf is:.........

1) Schlebusch, Anita: a.w. p. 9.

(a) 1. Vraelys (Vervolg).

Vir watter werk of beroep is jy besig om voor te berei?.............................................

Vakke in Std. X en simbole indien bekend:............

In welke klas geslaag..........Onderskeiding in die volgende vak(ke)......................................

---

Beantwoord die volgende vrae deur 'n sirkeltjie te trek om die letter voor die antwoord wat op jou van toepassing is.

1. Het jy 'n kleuterskool bygewoon, en indien wel, van hoe oud af? A Ja, maar ouderdom onbekend; B van 2 of 3 jaar af; C van 4 jaar af; D van 5 jaar af; E gladnie.
2. By hoeveel verskillende skole was jy voordat jy na die Universiteit gekom het? (Kleuterskole ingesluit). A 1; B 2; C 3; D 4; E 5 of meer.
3. Hoe oud was jy toe jy vir die eerste keer skool-toe gegaan het? A Jonger as 6 jaar; B 6 jaar; C 7 jaar; D 8 jaar; E Ouer as 8 jaar.
4. Hoe het jy tot dusver op skool gevaar? A Twee- of meermaal gedruip; B Eenmaal gedruip; C 'n jaar vir elke graad of standerd; D Een graad of standerd oorgeslaan; E Twee of meer grade of standerds oorgeslaan.
5. Wat was jou gemiddelde persentasie gewoonlik in Std. IX en X - eksamens? A Bo 70%; B Tussen 60 en 70%; C Tussen 50 en 60%; D Tussen 40 en 50%; E Onder 40%.
6. Deur watter taalmedium het jy vakke ander as taalvakke, soos Geskiedenis, Wetenskap, ens. geleer? A Afrikaans; B Engels, C Afrikaans en Engels in dieselfde klas; D Sommige vakke Afrikaans, ander Engels; E Ander tale.
7. Van watter van die volgende groepe vakke hou jy die meeste? A Afrikaans, Engels, Duits, Latyn, ens.; B. Matesis, Skeikunde, Natuurkunde, Biologie, ens.; C. Geskiedenis, Aardrykskunde, Burgerleer, ens.; D. Rekenkunde, Boekhou, Snelskrif, Tikskrif; E. Huishoudkunde, Handwerk, Houtwerk, ens.
8. Van watter van genoemde groepe vakke hou jy die minste? A; B; C; D; E.
9. Op hoeveel plekke het jou ouers al gewoon? A 1; B 2; C 3; D 4; E 5 of meer.

(a) 1. Vraelys (Vervolg).

10. Watter van die volgende dui die beste aan waar jy die meeste van die tyd gewoon het?
A. In die sentrale of besigheidsdeel van 'n stad of groot dorp; B. In die nywerheids- of fabrieksdeel van 'n stad of groot dorp; C. In die voorstede of woonbuurtes van 'n stad of groot dorp; D. Op 'n klein plasie of perseel net buitekant 'n stad of groot dorp; D. Op 'n plaas of klein dorpie.

11. Watter van die volgende dui die beste aan waar jy die meeste van die gewoon het?
A. Op 'n plaas waar taamlik baie bure naby is;
B. Op 'n plaas waar slegs enkele bure naby is;
C. Op 'n plaas waar die naaste bure taamlik ver is;
D. In 'n stad; E. In 'n dorp.

12. Waar woon jou ouers of pleegouers nou?
A. In 'n stad; B. Op 'n groot dorp; C. Op 'n klein dorpie; D. Op 'n perseel buitekant 'n dorp of stad; E. Op 'n plaas.

13. Het jy gedurende jou laerskoolloopbaan met 'n bus skooltoe gery en indien wel, hoe ver?

14. Het jy in 'n koshuis tuisgegaan, en indien wel, van hoe oud af?
A. Het gladnie in 'n koshuis tuisgegaan nie; B. van 7 jaar af; C. Van 9 jaar af; D. van 11 jaar af; E. van 13 jaar af; F. Van 14 jaar of ouer af.

15. Watter taal word meestal in jou omgewing gepraat?
A. Afrikaans; B. Engels; C. Afrikaans en Engels omtrent eweveel; D. 'n Naturelletaal; E. 'n Ander taal.

16. Watter soort werk doen die meeste mense in die omgewing waar jy die laaste gewoon het?
A. Professionele werk soos die van dokter, advokaat, dosent, onderwys, ens;
B. Werk in kantore en winkels; C. Werk in Fabrieke, myne of ambagte; D. Boer; E. Ander soorte werk.

17. Watter soort werk doen jou vader of het hy meestal gedoen?
A. Beoefen 'n professie soos onderwyser, predikant, dokter, prokureur, ens;
B. Doen klerikale werk in 'n kantoor of winkel;
C. Doen hoofsaaklik handewerk soos in 'n ambag, myn of fabriek;
D. Boer; E. Doen ander soorte werk soos militêre diens of polisie, ens.

(a) 1. Vraelys (Vervolg).

18. Watter soort boeke lees jy die graagste?
A. Natuur-wetenskaplike boeke; B. Boeke oor letterkunde en kuns; C. Geskiedenisboeke, D. Biografieë of reisbeskrywings; E. Ligte leesstof soos romans en speurverhale.

19. In watter van die volgende stel jy die meeste belang? A. Letterkunde; B. Musiek; C. Skilderkuns; D. Handewerk; E. Wetenskap.

20. Hoe dikwels woon jy konserte of bioskope by?
A. Minstens tweemaal per week; B. Gemiddeld eenmaal per week; C. Omtrent een of tweemaal per maand; D. Selde; E. Nooit.

21. Waarna luister jy die graagste oor die radio?
A. Ligte musiek en sang; B. Klassieke musiek en operas; C. Sportuitsending; D. Dramas en hoorspele; E. Nuus en leersame praatjies.

22. Aan watter van die volgende tydverdrywe bestee jy die meeste van jou vrye tyd?
A. Lees en luister na die radio; B. Verenigingslewe en jeugbewegings; C. Sport en spele; D. Werk met gereedskap; E. Ander.

23. Wat doen jy gewoonlik in die Desembervakansies?
A. Help werk op die plaas of in die huis of besigheid;
B. Doen deeltydse werk om iets te verdien;
C. Rus en ontspan en hou myself tuis besig;
D. Gaan by vriende of familie kuier;
E. Gaan toer of na die strand of ander vakansie-oord.

24. Watter van die volgende pligte het jy op hoërskool gehad? (Merk meer as een indien van toepassing).
A. Kaptein van 'n skoolspan in een of ander soort sport.
B. Sekretaris of ander komiteelid van een of meer sportklubs;
C. Voorsitter van Leerlingraad of ander skoolvereniging.
D. Lid van Leerlingraad of komiteelid van skoolvereniging ander as sport;
E. 'n (onder)offisier in kadette of ander jeugvereniging;
F. Prefek van skool of klas.

242 ..

(a) 1. Vraelys (Vervolg).

25. Wat is die belangrikste rede waarom jy hierdie kursus volg?
A. Belangstelling en aanleg; B. Goeie vooruitsig om werk te kry; C. goeie salaris aan die werk verbonde; D. Finansieel nie tot iets anders in staat nie; E. Ouers se keuse; F. Op advies van beroepsvoorligter of onderwyser; G. Ander; Meld..............

26. Dui aan aan of meer vatter persentasies van jou onkoste op Universiteit deur die volgende bronne gedek word.
A. Ouers.......%; B. Beurse.......%; C. Lenings....%; D. Self........%; E. Ander........%.

27. Waar woon of loseer jy nou?
A. By ouers; B. By ander familiebetrekkings; C. By Privaatmense; D. Op jou eie in 'n kamer of woonstel; E. In privaat losieshuis of hotel; F. In Universiteitskoshuis.

28. Is jou kursus nog dieselfde as die waarvoor jy aanvanklik ingeskryf het?
A. Ja ; B. Nee.

30. Indien jy kursus of vakke verander het, was dit te wyte aan: A. Roosterbotsings; B. Veranderde planne vir die toekoms; C. 'n besef dat jy nie aanleg of belangstelling vir die vak of kursus het nie; D. Omdat jou beste vriende nie daardie vak neem nie; E. Ander redes.

31. Hoe oortuig of seker is jy dat die rigting wat jy gekies het die regte is?
A. Baie seker; B. Seker; C. Effens twyfelagtig; D. Onseker; E. Baie onseker.

---

Uit die bostaande gegewens het die verhandeling: „Die invloed van persoonlikheid, intelligensie en omgewingsfaktore op die aanpassing van eerstejaarstudente by die universiteit," sy ontstaan te danke.

2. Die tweede fase van die projek kom duidelik na vore indien ons die beplanning vir 1954 onder oë neem.
Die volgende komitee is deur die Rektor benoem om die vraagstuk te laat ondersoek:
Prof. B.F. Nel (Voorsitter), Dr. B.J. Schlebusch, Prof. J.J. du Toit, Dr. P.J.J. du Plessis en Mnr. D.J. Swiegers.

(a) 2. Gekoöpteerde lede:
Mnr. P.J. Zietsman, Mnr. C. Brink,
Mej. Schlebusch en 'n verteenwoordiger van die departement Sosiologie.

(i) Doel van die Ondersoek:

Om die oorsake van swak vordering en gebrekkige sosiale aanpassing van eerstejaarstudente aan die Universiteit te ondersoek en om na aanleiding hiervan beter voorligtingsmetodes vir hierdie studente te ontwerp.

'n Verdere doelstelling van die ondersoek is om deur middel van opvolging en nasorg die doeltreffendheid van hierdie ondersoek en die voorligtingsmetodes vas te stel.

(ii) Beplanning vir 1954:

A. Inleidende Opmerkinge:

In die afwesigheid van prof. la Grange wat uit diens van die Universiteit getree het, het dr. Schlebusch 'n voorlopige verslag oor die ondersoek in 1953 opgestel en aan die Rektor oorhandig.

Die komitee het sy werksaamhede vir 1954 onder voorsitterskap van prof. B.F. Nel voortgesit. Die Navorsingsbeampte Mnr. A. Vlok het 'n kort verslag ingedien oor die vordering van die ondersoek tot dusver.

B. Verdere Beplanning:

Die komitee stel voor dat die hele vraagstuk uit 'n sosiologiese, opvoedkundige en sielkundige oogpunt ondersoek moet word. Dit dien daarop gewys te word dat die drieërlei indeling nie beteken dat die ondersoek in drie waterdigte kompartemente ingedeel moet word nie. Die sosiologiese aspek moet noodwendig opvoedkundige implikasies hê, terwyl die sielkundige faktore ook met sekere opvoedkundige of selfs met sekere sosiologiese faktore skakel. Die verskillende ondergeskikte vraagstukke word hieronder onder genoemde hoofde gerangskik.

(aa) Die sosiologiese aspek kan soos volg saamgevat word:

245/ ...

(a) 2. (ii) B. (aa) (i) 'n Ondersoek na die toestande van inwoning na die sosiale bedrywighede, studiegeleenthede studiemetodes van eerstejaarstudente en die verband wat die faktore het met die akademiese vordering van die studente.

(ii) 'n Meer spesifieke vraagstuk wat met bogenoemde saamhang en dus onder die hoof gerangskik word, is die invloed van ontgroening en die houvas van seniorstudente op eerstejaarstudente.

(iii) 'n Verdere spesifieke vraagstuk wat ook onder dié hoof ressorteer, is die sosiale en ekonomiese agtergrond van elke eerstejaarstudent wat na die Universiteit kom.

(bb) <u>Die Opvoedkundige aspek</u> kan soos volg verdeel word:

(i) Die skolastiese agtergrond van elke eerstejaarstudent.

(ii) Die akademiese vordering van eerstejaarstudente in die verskillende Fakulteite en in die afsonderlike vakke wat hulle volg.

(iii) Werk- en studiemetodes en die moontlike vasstelling van prestasiekwosiënte.

(iv) Grootte en klasse en klasruimte en die invloed hiervan op keuse van vakke en rigtings.

(v) Moontlike leemtes in doseermetodes.

(cc) <u>Sielkundige aspekte</u> is die volgende:

(i) <u>Persoonlikheidsfaktore</u> in verband met die akademiese vordering van eerstejaarstudente soos bv. houdinge, gesindhede, belangstellinge, aspirasies, emosionele ewewigtigheid, gedissiplineerdheid, verantwoordelikheid, ens.

N.B.: 'n Eerste ondersoek na aanleiding van die toepassing van die Bernreutertoets op eerstejaarstudente in 1953, is reeds deur mej. Schlebusch voltooi.

(a) 2. (ii) B. (oc) (ii) Intellektuele faktore:

(a) Die verband tussen die verstandspeil van eerstejaarstudente en hulle akademiese prestasies;

(b) die verband tussen die prestasies van eerstejaarstudente in die verskillende toetse van die Nasionale Buro vir Sosiale Navorsing en hulle akademiese prestasies. Dit sluit in, korrelasies tussen vakke en groepe van vakke enersyds en die afsonderlike toetse en groepe van die toetse andersyds;

(c) die uitwerking van norme vir die Stellenbosch verstandstoets, die korrelasie hiervan met die Suid-Afrikaanse groepverstandstoets en die verband met die druiping van eerstejaarstudente;

(d) die vasstelling van die verstandspeil, of liewer, speling in die verstandspeil vir die afsonderlike Fakulteite of studierigtings in die Fakulteite.

---

A. Adrian Vlok[1] het uit die meer sielkundige gegewens tot sy beskikking 'n verhandeling getiteld:

„Die verband tussen intelligensie en akademiese aanpassing van eerstejaarstudente aan die universiteit,"

hieruit saamgestel. Hy sit sy metode van ondersoek soos volg uiteen:

„As toetselinge vir hierdie ondersoek is 390 eerstejaarstudente gebruik. Hierdie aantal is wat oorgebly het nadat sekere studente uit 'n totaal van 514 wat getoets is, uit die totale proefgroep ge-elimineer is.
Die totale proefgroep het bestaan uit alle studente wat aan die begin van 1953 as eerstejaars aan die Universiteit van Pretoria geregistreer het, en hiervan is die volgende gevalle buite rekening gelaat:

. . . .

---

1) Vlok, Adrian : a.w.

A. (a) Studente in die kursusse B.Com., B.Ed.Phys. en B.Arch. Die diplomakursusse in laasgenoemde twee rigtings is eweneens uitgesluit. Die redes hiervoor was dat in genoemde kursusse die vakke vir ons doel nie noodwendig as 'n B.A.-rigting of 'n B.Sc.-rigting beskou kan word nie en soos later sal blyk was hierdie onderskeid nodig vir die klassifikasie van proefgroepe.

(b) Omdat een van die intelligensietoetse wat gebruik is uitsluitend vir Afrikaanssprekendes bedoel is, is die resultate van Engelssprekendes en persone met huistaal anders as Afrikaans, buite rekening gelaat.

Omdat hier dus eintlik geen monster getrek is nie, is die vraag na die mate waarin die proefgroep verteenwoordigend is van alle eerstejaarstudente dus ook nie so prominent nie. Daar het egter wel 'n mate van seleksie plaasgevind, insoverre die genoemde kursusse buite rekening gelaat is, asook persone met huistaal anders as Afrikaans. Daarbenewens is studente wat nie eksamen gedoen het nie en/of nie al die toetse afgelê het nie, ook nie in die proefgroep ingesluit nie." 1)

B. Die bostaande gegewens was alreeds verwerk toe die breëre beplanning vir 1954 in werking gestel is. Jan Freislich het hom ook bemoei met 'n meer suiwer sielkundige ondersoek. Hy het naamlik:

„Die verband tussen belangstelling, keuse van studierigting en akademiese prestasiepeil van eerstejaarstudente",

in 'n verhandeling probeer aantoon. In sy geskrif sê hy onder andere:

„Die ondersoek het eers in die tweede semester van 1954 sy beslag gekry, sodat die tyd vir voorbereidingswerk en die insameling van gegewens beperk was." 2)

En verderaan:

„Aangesien hierdie studie egter van 'n voorlopige aard is, is besluit om op 'n ewekansige manier 'n verteenwoordigende monster van hanteerbare grootte uit die eerstejaarstudente te kies." 3)

Freislich se ondersoek berus dus op die bostaande inligting.

148/ ...

1) Vlok, Adrian: a.w. pp. 20-21.
2) Freislich, J.G.B.: a.w. p. 26.
3) Ibid, p. 26.

C. Met betrekking tot die sosiologiese deel van die ondersoek kan die onderstaande vermeld word:-

Daar was 'n hele aantal lêers ingevul, hoofsaaklik deur die eerstejaarstudente. Dit wil sê, dié groep waarop die ondersoeke van Schlebusch en Vlok berus. Alleenlik die studente wat die biografiese vraelys ingevul het, se gegewens kon vir die sosiologiese deel gebruik word - dit spreek duidelik waarom alle lêers nie as volledig geklassifiseer kan word nie, indien daarop gewys word dat die eerstejaarstudente versoek is om vrywilliglik twee dae na mekaar die toetse te gaan aflê. Sommige studente was die eerste dag daar, andere slegs op die tweede dag. (Kyk na Hoofstuk II van hierdie ondersoek en daarin word die „Volledige" en „Onvolledige" groepe duidelik aangetoon.") Die „Volledige" groepe B.A. en Mediese-groepe is vervolgens volledig ontleed met betrekking tot akademiese prestasies.

Beskou ons die vraelys wat die studente moes invul krities, dan bemerk ons dat dit uiters onvolledig is. Daar is gevoel dat ons meer aanvullende inligting nodig het en gevolglik is besluit op die trek van 'n steekproef uit die eerstejaarpopulasie. Die studente is vervolgens alfabeties gerangskik volgens die kursusgroepe:[1)]

(i) B.A.-groep;
(ii) Mediese groep;
(iii) B.Sc.-groep;
(iv) Res.

Na oorlegpleging met die hoof van die Departement van Statistiek, is besluit om 'n steekproef uit die bostaande populasie te trek. Aangesien die groepe alfabeties gerangskik was, is besluit om van 'n ewekansige metode van seleksie gebruik te maak. Ons steekproef sou ongeveer 25% van die name op ons lyste betrek.

Met behulp van 'n dobbelsteentjie is die lot oor elke groep gewerp. Die nommers van 1 tot 4 sou gebruik word. Vir elke kursusgroep is die steentjie gewerp en die nommer van 1 tot 4 sou aandui by watter naam vir elke kursusgroep ons sou begin. Nadat die eerste naam aldus vasgestel is, gaan dit vinnig aangesien ons daarna elke vierde naam (25% dus) op ons lys neem.

---

1) Kyk na Hoofstuk I waarin elke groep breedvoerig uiteengesit word.

C. Nadat dié monster getrek is, is die onderstaande vraelys opgestel waarin meeste van die sosiologiese gegewens opgeneem is. Die steekproefgroep is in kleiner groepies verdeel met die oog op die invulling van die vraelyste. Sodoende het ons tot 'n groot mate daarin geslaag om enige probleme wat hulle moontlik kon voordoen by die voltooiing van die lyste, uit die weg te ruim. Dit het geblyk dat die vraelys maklik bemeester kon word met die nodige voorligting. Hier volg 'n voorbeeld van die vraelys wat vir die sosiologiese ondersoek gebruik was:

<u>VRAELYS AAN EERSTEJAARSTUDENTE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA. (ALLE INLIGTING IS STRENG VERTROULIK)</u>.

No. ............

a b c d e f

1. Familienaam: ............................
   Volle voorname:...........................
   ...........................
   Geboortedatum: ...........................
   Ouderdom op 1 Maart vanjaar:......jaar.....
   ......maande.....
   Geslag: a - manlik; b - vroulik.......... a b
2. Jaar waarin matriek afgelê is:............
   Naam van skool waar u matrikuleer het:
   .........................................
   In watter provinsie?......................
   Voertaal: a - Afrikaans en/of e - Engels... a e
   Huistaal: a - Afrikaans en/of e - Engels... a e
   Is die skool: a 'n gemengde skool? (Koedukasie)................. a
   b 'n Seunskool?............. b
   c 'n Meisieskool?........... c
   Jaar waarin u na U.P. gekom het...........
   Kursus wat u volg:........................
   Indien u nie direk ná matriek na <u>HIERDIE</u> universiteit toe gekom het nie, meld as volledig waar u was en wat u intussen gedoen het:......................................
   .........................................
   .........................................
   <u>Dagstudente</u>: Gee u adres waar u tans woonagtig is: a
   Straatnaam:.................
   Huisnommer:.................
   Voorstad : .................
   Tel. nommer:................
   <u>Koshuisinwoners</u>: Naam van koshuis.......... b
   
   Waar woon u ouers? Gee hulle volledige adres en meld ook die provinsie:..........
   .........................................
   .........................................
3. Waar het u tydens u matriekjaar gewoon?
   a By ouers a
   b By familiebetrekkinge b
   c By Privaatmense c
   d Koshuis d
   e Ander - meld asseblief volledig: e
   ...................................

C. 4. Waar woon u tans?

| | | |
|---|---|---|
| a | By ouers | a |
| b | By familiebetrekkinge | b |
| c | Privaatmense | c |
| d | Op jou eie in 'n kamer of woonstel | d |
| e | Privaatlosieshuis of hotel | e |
| f | Koshuis | f |

5. Waar sou u verkies om te woon?

| | | |
|---|---|---|
| a | By ouers | a |
| b | Familiebetrekkinge | b |
| c | Privaatmense | c |
| d | Op jou eie in 'n kamer of woonstel | d |
| e | Privaatlosieshuis of hotel | e |
| f | Koshuis | f |

6. U woningsomstandighede in Pretoria:

(i) Hoeveel ander persone is saam met u in die kamer? 1 2 3 4 5 6

(ii) Is u tevrede met u verblyfplek in die algemeen? Ja Nee

7. Slegs Dagstudente beantwoord die volgende vrae:

(i) Hoeveel ander studente woon by dieselfde adres?..............

(ii) Hoeveel is ook eerstejaar-studente?........................

(iii) Hoeveel is seniorstudente?.......

8. Wie is die broodwinner van u gesin?

| | | |
|---|---|---|
| a | Die vader en/of | a |
| b | Die moeder | b |
| c | Ander - meld volledig.............<br>.................................. | |

9. Meld die aard van die werk van die broodwinner(s) soos wat u dit ken t.w. voorman, ploegbaas, ingenieur, passer en draaier, ouditeur, ens..........................
..................................

10. Hoe vér moet u daagliks na die universiteit toe kom? (Antwoord in myl).........
...................................

11. Hoe kom u universiteit toe?

| | | |
|---|---|---|
| a | Loop | a |
| b | Fiets | b |
| c | Bus | c |
| d | Trein | d |
| e | Bromfiets, motorfiets, ens. | e |
| f | Motor | f |

12. Hoe lank neem dit u ongeveer vanaf u woonplek tot by die universiteit? (Minute)..............................

C. 13. Wat sou u as die netto inkomste van u gesin beskou?

| | | |
|---|---|---|
| a | £0 - £199.................... | a |
| b | £200 - £299.................. | b |
| c | £300 - £399.................. | c |
| d | £400 - £499.................. | d |
| e | £500 - £599.................. | e |
| f | £600 - £799.................. | f |
| g | £800 - £999.................. | g |
| h | £1000 - £1499................ | h |
| i | £1500 - £1999................ | i |
| j | £2000 - £ en meer .......... | j |

14. Vir hoeveel afhanklikes moet die broodwinner(s) sorg?

(i) Seuns......................
(ii) Dogters...................
(iii) Ander - oupa, ouma, moeder, pleegkinders, ens...........
Totaal:......

15. Hoeveel sakgeld kry u ongeveer per maand?

| | | |
|---|---|---|
| a | Minder as £2 ............... | a |
| b | £2 - £5.................... | b |
| c | £5 - £10................... | c |
| d | £10 en meer................. | d |

16. U uitgawes: gee asseblief 'n geskatte opgaaf van <u>AL</u> u uitgawes vir die akademiese jaar onder die volgende hoofde: £ s d

a Losies......................
b Studiegelde.................
c Boeke, skryfbehoeftes, ens..
d Klere e.a. persoonlike uitgawes......................
e Sakgeld.....................
Totaal...

17. Dui min of meer aan (in £.s.d.) watter van die volgende bronne 'n bydrae lewer tot die dekking van u uitgawes op universiteit: £ s d

a Ouers.......................
b Beurse......................
c Lenings.....................
d Ander - erfgeld, ens........
Totaal......

(LW.: Hierdie totaal moet min of meer ooreenkom met die totaal van die vorige vraag.)

C. 18. Waaraan het u alles deelgeneem op skool?

a Sportsoorte - meld volledig.
......... ......... ...........
......... ......... ...........

b Ander - Voortrekkers, C.S.V. ens.
......... ......... ...........
......... ......... ...........

c Was u 'n prefek? Ja......Nee......
d Was u 'n klaskaptein Ja... Nee...
e Enigiets anders wat aan u status verleen het op skool bv. Voetbalkaptein, netbalkapteine, op skool lid van enige eerstespan, ens. meld volledig.
......... ......... ...........
......... ......... ...........
......... ......... ...........

19. Waaraan neem u alles deel op universiteit? Noem die name van ALLE klubs (Sportklubs en andersins), verenigings, ens. waarvan u 'n AKTIEWE lid is en trek 'n kruisie by dié wat buite universitêre verband val. (Old Boys, ens.)...

1...........
2...........
3...........
4...........
5...........
6...........
7...........
8...........
9...........
10...........

20. Meld asb. volledig aan watter vorm van ontspanning u meestal deelneem tydens u vryetydsbesteding. (Klavierlesse, toneel, bioskope, sport, en enige ander aktiwiteite)

1....................
2....................
3....................
4....................
5....................
6....................
7....................
8....................
9....................
10....................

21. Hoeveel keer gaan u gemiddeld per maand kerk toe?............ 0 1-2 3-4 5 en meer.

22.

| OUERS | OUD | OORL. | HUIDIGE WERK | HOOGSTE STD. BEHAAL | ANDER OPLEIDING (Spesifiseer) UNIV. | PROFES. | AMBAG. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vader. | | | | | | | |
| Moeder | | | | | | | |
| Stiefvader | | | | | | | |
| Stiefmoeder | | | | | | | |

| Posisie | Oudste | 2e | 3e | 4e | 5e | 6e | 7e | 8e | 9e | 10e |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ouderdom | | | | | | | | | | |
| Broer | | | | | | | | | | |
| suster | | | | | | | | | | |
| Oorlede | | | | | | | | | | |
| Getroud | | | | | | | | | | |
| Ongetroud | | | | | | | | | | |
| Reeds uit die huis uit | | | | | | | | | | |
| Afhanklikes v.d. broodwinner | | | | | | | | | | |
| Hoogste Std op skool behaal | | | | | | | | | | |
| Huidige werk | | | | | | | | | | |
| Ander opleiding (Spesifiseer) Univ. opleiding | | | | | | | | | | |
| Proffessionele opleiding | | | | | | | | | | |
| Ambagsopleiding. | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |

In November 1954 kon ons die volgende vorderingsverslag voorlê:

VERSLAG VAN WERKSAAMHEDE - NOVEMBER 1954.

A. Sosiologiese Faktore:

Die 1953 en 1954 groepe eerstejaarstudente is in aanmerking geneem.

1953-Groep:

Hierdie groep is volledig nagegaan en gerangskik volgens kursusse. Daar is egter gevind dat 'n groot aantal lêers onvolledig is en dat die inligting wat ingewin is, heeltemal ontoereikend is vir 'n wetenskaplike ontleding. 'n Totaal van 612 lêers is deurgewerk en gerangskik. Daar is gevind dat sekere inligting onbruikbaar is en in ander gevalle was dit weer onvolledig. 'n Analisevel is opgestel en inligting vanaf elke lêer is hierop tabelleer.[1)] Hierna kon 'n visuele beeld verkry word van die beskikbare gegewens. Slegs die twee grootste groepe naamlik Medies 35.78% en B.A. 33% uit die totaal van 612 eerstejaarstudente is volledig ontleed met betrekking tot die beskikbare gegewens.

1. Hierdie twee groepe is volledig ontleed na aanleiding van:
   (i) geslag;
   (ii) ouderdom; en
   (iii) kursus.

2. Verder is die sosio-ekonomiese status van die gesinne waaruit die studente kom, ingedeel volgens:
   (i) Beroep van die vader;
   (ii) Grootte van die gesin;
   (iii) Posisie van die student in die gesin;
   (iv) Wie die student se studiegelde betaal.

3. Die woonplek van die student:
   (i) tydens skooljare; en
   (ii) sy eerstejaar aan universiteit, nagegaan na aanleiding van die eerste vraelys.
   (iii) Weens onvolledige inligting kon die geografiese verspreiding van die studente in Pretoria nie aangetoon word nie.
   (iv) Die landelik-stedelike herkoms vir provinsies is aangehaal en geklassifiseer volgens die Buro vir Sensus en Statistiek se indelings.

---

1) Alle items soos uiteengesit in die oorspronklike beplanning is hierin opgeneem.

A. 4. Die groepe is ook ingedeel in 'n slaag- en druipgroep en ooreenstemmende tabelle is opgestel vir elke groep wat alle items van die analisevel insluit.

5. Daar die beskikbare inligting so onvolledig en ontoereikend is, is besluit om nie tyd te mors om hierdie gegewens te vergelyk nie. Vergelyking kan maklik gedoen word daar die inligting alreeds op die analisevelle aangebring is. Die rede waarom die inligting nie verwerk is nie, is omdat dit gevoel is dat dit nie die moeite sal loon om met die beskikbare gegewens verskille te probeer aantoon nie. Hierdie gegewens is dus soos besluit is, in die beplanning slegs verwerk vir oorsigtelike doeleindes. Aangesien daar besluit is om die steekproef uit die 1954-groep volledig te bespreek.

<u>1954-Groep</u>:

Daar is in oorleg met die hoof van die Departement van Statistiek 'n steekproef uitgevoer op die 1954 eerstejaarstudente, 25% van die eerstejaars is ingesluit.

Uit 'n totaal van 154 studente in die steekproef het 150 hul opwagting gemaak en die monster wat geneem is, kan dus as 'n goeie verteenwoordigende een beskou word.

Alle inligting, soos wat dit in die beplanning bespreek is, is ingewin. Tot op datum is 'n duidelike oorsigtelike ontleding gemaak en al die beskikbare gegewens is getabuleer en op analisevelle aangebring.

Sodra die eksamenprestasies van die eerstejaarstudente beskikbaar is, sal vergelykenderwys opgetree kan word en sal ons instaat wees om ooreenkomste en/of verskille tussen die slaag- en druipgroepe aan te toon.

Die inligting aldus verkry vanaf die vraelyste is vervolgens in die onderstaande tabelle opgeneem.

| | | | Matriek U.P. | | | | Prov. van skool | | | | | Voertaal | | | | Huistaal | | | | Tipe skool | | | Herkoms | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik )Geslag | Vroulik) telik | Voor 1953 | 1953 | Voor 1954 | 1954 | Transvaal | O.V.S. | Natal | K.P. | Elders | Afrikaans | Engels | Albei | Ander | Afrikaans | Engels | Albei | Ander | Gemeng | Seun | Meisie | Landelik | Transvaal | O.V.S. | Natal | | K.P. | Elders | Stedelik | Transvaal | O.V.S. | Natal | K.P. | Elders | Groottotaal | Slaag | Druip |
| KOSHUIS: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.A. | 21 | 13 | 1 | 33 | - | 34 | 30 | 2 | 1 | 1 | - | 32 | - | 2 | - | 33 | - | 1 | - | 27 | 5 | 2 | 25 | 22 | 2 | - | - | - | 1 | 9 | 6 | 2 | - | 1 | - | 34 | 26 | 8 |
| B.Sc. | 11 | 4 | - | 15 | - | 15 | 11 | 2 | - | 1 | 1 | 13 | 1 | 1 | - | 13 | - | - | 2 | 14 | - | 1 | 12 | 7 | 3 | 1 | - | - | 1 | 3 | 3 | - | - | - | - | 15 | 12 | 3 |
| Medies | 25 | 2 | - | 27 | - | 27 | 13 | 6 | - | 7 | 1 | 24 | 3 | - | - | 24 | - | 2 | 1 | 23 | 2 | 2 | 26 | 10 | 7 | 1 | - | 5 | 3 | 1 | 1 | - | - | - | - | 27 | 17 | 10 |
| | 57 | 19 | 1 | 75 | - | 76 | 54 | 10 | 1 | 9 | 2 | 69 | 4 | 3 | - | 70 | - | 3 | 3 | 64 | 7 | 5 | 63 | 39 | 12 | 2 | - | 5 | 5 | 13 | 10 | 2 | - | 1 | - | 76 | 55 | 21 |
| DAGSTUDENTE: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.A. | 9 | 15 | 2 | 22 | 1 | 23 | 22 | 1 | - | 1 | - | 18 | 6 | - | - | 17 | 5 | 2 | - | 11 | 4 | 9 | 6 | 4 | - | 1 | - | 1 | - | 18 | 18 | - | - | - | - | 24 | 21 | 3 |
| B.Sc. | 12 | 1 | 1 | 12 | - | 13 | 10 | 3 | - | - | - | 10 | 1 | 2 | - | 7 | 2 | 1 | 3 | 8 | 5 | - | 3 | 2 | 1 | - | - | - | - | 10 | 9 | 1 | - | - | - | 13 | 6 | 7 |
| Medies | 26 | 3 | 8 | 21 | 2 | 27 | 22 | 2 | - | 5 | - | 20 | 6 | 3 | - | 22 | 4 | 2 | 1 | 17 | 10 | 2 | 13 | 6 | 1 | - | - | 6 | - | 16 | 16 | - | - | - | - | 29 | 15 | 14 |
| | 47 | 19 | 11 | 55 | 3 | 63 | 54 | 6 | - | 6 | - | 48 | 13 | 5 | - | 46 | 11 | 5 | 4 | 36 | 19 | 11 | 22 | 12 | 2 | 1 | - | 7 | - | 44 | 43 | 1 | - | - | - | 66 | 42 | 24 |
| Res * | 8 | - | - | 8 | - | 8 | 7 | - | - | 1 | - | 8 | - | - | - | 8 | - | - | - | 5 | 3 | - | 6 | 5 | - | - | - | 1 | - | 2 | 2 | - | - | - | - | 8 | - | - |
| Totaal | 112 | 38 | 12 | 138 | 3 | 147 | 115 | 16 | 1 | 16 | 2 | 125 | 17 | 8 | - | 124 | 11 | 8 | 7 | 105 | 29 | 16 | 91 | 56 | 14 | 3 | - | 13 | 5 | 59 | 55 | 3 | - | 1 | - | - | - | - |
| | (150) | | (150) | | (150) | | | (150) | | | | | (150) | | | | (150) | | | | (150) | | | | | | (150) | | | | | | | | | (150) | | |
| B.A. K | 21 | 13 | 1 | 33 | - | 34 | 30 | 2 | 1 | 1 | - | 32 | - | 2 | - | 33 | - | 1 | - | 27 | 5 | 2 | 25 | 22 | 2 | - | - | - | 1 | 9 | 6 | 2 | - | 1 | - | 34 | 26 | 8 |
| D | 9 | 15 | 2 | 22 | 1 | 23 | 22 | 1 | - | 1 | - | 18 | 6 | - | - | 17 | 5 | 2 | - | 11 | 4 | 9 | 6 | 4 | - | 1 | - | 1 | - | 18 | 18 | - | - | - | - | 24 | 21 | 3 |
| Totaal | 30 | 28 | 3 | 55 | 1 | 57 | 52 | 3 | 1 | 2 | - | 50 | 6 | 2 | - | 50 | 5 | 3 | - | 38 | 9 | 11 | 31 | 26 | 2 | 1 | - | 1 | 1 | 27 | 24 | 2 | - | 1 | - | 58 | 47 | 11 |
| B.Sc. K | 11 | 4 | - | 15 | - | 15 | 11 | 2 | - | 1 | 1 | 13 | 1 | 1 | - | 13 | - | - | 2 | 14 | - | 1 | 12 | 7 | 3 | 1 | - | - | 1 | 3 | 3 | - | - | - | - | 15 | 12 | 3 |
| D | 12 | 1 | 1 | 12 | - | 13 | 10 | 3 | - | - | - | 10 | 1 | 2 | - | 7 | 2 | 1 | 3 | 8 | 5 | - | 3 | 2 | 1 | - | - | - | - | 10 | 9 | 1 | - | - | - | 13 | 6 | 7 |
| Totaal | 23 | 5 | 1 | 27 | - | 28 | 21 | 5 | - | 1 | 1 | 23 | 2 | 3 | - | 20 | 2 | 1 | 5 | 22 | 5 | 1 | 15 | 9 | 4 | 1 | - | - | 1 | 13 | 12 | 1 | - | - | - | 28 | 18 | 10 |
| Medies K | 25 | 2 | - | 27 | - | 27 | 13 | 6 | - | 7 | 1 | 24 | 3 | - | - | 24 | - | 2 | 1 | 23 | 2 | 2 | 26 | 10 | 7 | 1 | - | 5 | 3 | 1 | 1 | - | - | - | - | 27 | 17 | 10 |
| D | 26 | 3 | 8 | 21 | 2 | 27 | 22 | 2 | - | 5 | - | 20 | 6 | 3 | - | 22 | 4 | 2 | 1 | 17 | 10 | 2 | 13 | 6 | 1 | - | - | 6 | - | 16 | 16 | - | - | - | - | 29 | 15 | 14 |
| Totaal | 51 | 5 | 8 | 48 | 2 | 54 | 35 | 8 | - | 12 | 1 | 44 | 9 | 3 | - | 46 | 4 | 4 | 2 | 40 | 12 | 4 | 39 | 16 | 8 | 1 | - | 11 | 3 | 17 | 17 | - | - | - | - | 56 | 32 | 24 |
| Res * | 8 | - | - | 8 | - | 8 | 7 | - | - | 1 | - | 8 | - | - | - | 8 | - | - | - | 5 | 3 | - | 6 | 5 | - | - | - | 1 | - | 2 | 2 | - | - | - | - | 8 | - | - |
| TOTAAL | 112 | 38 | 12 | 138 | 3 | 147 | 115 | 16 | 1 | 16 | 2 | 125 | 17 | 8 | - | 124 | 11 | 8 | 7 | 105 | 29 | 16 | 91 | 56 | 14 | 3 | - | 13 | 5 | 59 | 55 | 3 | - | 1 | - | 150 | - | - |

* Uitgelaat omdat hierdie groep só klein is en gevolgtrekkings dus onbetroubaar sal wees.
K Koshuis.

| | Woonplek Matriekjaar | | | | | Woonplek Vanjaar. | | | | | | Aantal Kamermaats vanjaar. | | | | | | | | | Broodwinner | | | | | | Vervoermiddel | | | | | | Inkomstegroep van gesin. | | | | | | | | | | Sakgeld. | | | | Groottotaal | Slaag | Druip |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| → | a | b | c | d | e | a | b | c | d | e | f | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | Ja | Nee | a | b | ab | ac | c | abc | a | b | c | d | e | f | a | b | c | d | e | f | g | h | i | j | a | b | c | d | | | |
| KOSHUIS: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.A. | 13 | - | 2 | 19 | - | - | - | - | - | - | 34 | 4 | 25 | 5 | - | - | - | - | 34 | - | 23 | 2 | 8 | - | 1 | - | 6 | 12 | 1 | 15 | - | - | 1 | - | - | 1 | 1 | 4 | 12 | 11 | 2 | 2 | 7 | 25 | 2 | - | 34 | 26 | 8 |
| B.Sc. | 6 | 1 | 2 | 6 | - | - | - | - | - | - | 15 | 5 | 8 | 2 | - | - | - | - | 14 | 1 | 13 | - | - | - | 2 | - | 3 | 12 | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 3 | 2 | 2 | 2 | - | 4 | 3 | 12 | - | - | 15 | 12 | 3 |
| Medies | 13 | - | 2 | 11 | 1 | - | - | - | - | - | 27 | 12 | 10 | 5 | - | - | - | - | 25 | 2 | 21 | 1 | 4 | 1 | - | - | 15 | 12 | - | - | - | - | - | 3 | - | - | 2 | 5 | 4 | 8 | 1 | 4 | 2 | 23 | 2 | - | 27 | 17 | 10 |
| | 32 | 1 | 6 | 36 | 1 | - | - | - | - | - | 76 | 21 | 43 | 12 | - | - | - | - | 73 | 3 | 57 | 3 | 12 | 1 | 3 | - | 24 | 36 | 1 | 15 | - | - | 1 | 4 | 1 | 1 | 6 | 11 | 18 | 21 | 3 | 10 | 12 | 60 | 4 | - | 76 | 55 | 21 |
| DAGSTUDENTE: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| B.A. | 18 | 1 | - | 5 | - | 16 | 3 | 1 | 2 | 2 | - | 13 | 10 | 1 | - | - | - | - | 23 | 1 | 18 | 2 | 4 | - | - | - | 1 | 13 | 6 | 1 | 1 | 2 | - | - | - | 2 | 1 | 4 | 1 | 10 | 5 | 1 | 13 | 10 | 1 | - | 24 | 21 | 3 |
| B.Sc. | 9 | - | - | 4 | - | 8 | 1 | 1 | 1 | 2 | - | 7 | 4 | 2 | - | - | - | - | 13 | - | 11 | - | 2 | - | - | - | - | 10 | 1 | - | 2 | - | - | - | - | - | - | 2 | 2 | 7 | - | 2 | 3 | 3 | 1 | 1 | 13 | 6 | 7 |
| Medies | 16 | 3 | - | 10 | - | 11 | 3 | 11 | - | 4 | - | 18 | 10 | 1 | - | - | - | - | 26 | 3 | 20 | 1 | 7 | 1 | - | - | 2 | 18 | 2 | - | 2 | 4 | - | 3 | 1 | 1 | 2 | 1 | 3 | 10 | 4 | 4 | 8 | 14 | 6 | 1 | 29 | 15 | 14 |
| | 43 | 4 | - | 19 | - | 35 | 7 | 13 | 3 | 8 | - | 38 | 24 | 4 | - | - | - | - | 62 | 4 | 49 | 3 | 13 | 1 | - | - | 3 | 41 | 9 | 1 | 5 | 6 | - | 3 | 1 | 3 | 3 | 7 | 6 | 27 | 9 | 7 | 24 | 32 | 8 | 2 | 66 | 42 | 24 |
| Res | 4 | - | - | 4 | - | 4 | - | - | 1 | 1 | 2 | 7 | - | 1 | - | - | - | - | 8 | - | 4 | - | 3 | - | - | - | - | 4 | 3 | cd<br>1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 2 | 1 | 2 | 2 | 3 | 5 | - | - | 8 | | |
| Totaal | 79 | 5 | 6 | 59 | 1 | 39 | 7 | 13 | 4 | 9 | 78 | 66 | 67 | 17 | - | - | - | - | 143 | 7 | 110 | 6 | 28 | 2 | 3 | - | 27 | 81 | 13 | 17 | 5 | 6 | 2 | 7 | 2 | 4 | 9 | 18 | 26 | 49 | 14 | 19 | 39 | 97 | 12 | 2 | | | |
| | | | (150) | | | | | (150) | | | | | | | (150) | | | | (150) | | (149) | | | | (1)<br>(1) | | | (149)-(cd)<br>(150) | | | | | | | | | (150) | | | | | | | (150) | | | | | |
| B.A. K | 13 | - | 2 | 19 | - | - | - | - | - | - | 34 | 4 | 25 | 5 | - | - | - | - | 34 | - | 23 | 2 | 8 | - | 1 | - | 6 | 12 | 1 | 15 | - | - | 1 | - | - | 1 | 1 | 4 | 12 | 11 | 2 | 2 | 7 | 25 | 2 | - | 34 | | |
| D | 18 | 1 | - | 5 | - | 16 | 3 | 1 | 2 | 2 | - | 13 | 10 | 1 | - | - | - | - | 23 | 1 | 18 | 2 | 4 | - | - | - | 1 | 13 | 6 | 1 | 1 | 2 | - | - | - | 2 | 1 | 4 | 1 | 10 | 5 | 1 | 13 | 10 | 1 | - | 24 | | |
| Totaal | 31 | 1 | 3 | 24 | - | 16 | 3 | 1 | 2 | 2 | 34 | 17 | 35 | 6 | - | - | - | - | 57 | 1 | 41 | 4 | 12 | - | 1 | - | 7 | 25 | 7 | 16 | 1 | 2 | 1 | - | - | 3 | 2 | 8 | 13 | 21 | 7 | 3 | 20 | 35 | 3 | - | 58 | | |
| B.Sc. K | 6 | 1 | 2 | 6 | - | - | - | - | - | - | 15 | 5 | 8 | 2 | - | - | - | - | 14 | 1 | 13 | - | - | - | 2 | - | 3 | 12 | - | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 3 | 2 | 2 | 2 | - | 4 | 3 | 12 | - | - | 15 | | |
| D | 9 | - | - | 4 | - | 8 | 1 | 1 | 1 | 2 | - | 7 | 4 | 2 | - | - | - | - | 13 | - | 11 | - | 2 | - | - | - | - | 10 | 1 | - | 2 | - | - | - | - | - | - | 2 | 2 | 7 | - | 2 | 3 | 8 | 1 | 1 | 13 | | |
| Totaal | 15 | 1 | 2 | 10 | - | 8 | 1 | 1 | 1 | 2 | 15 | 12 | 12 | 4 | - | - | - | - | 27 | 1 | 24 | - | 2 | - | 2 | - | 3 | 22 | 1 | - | 2 | - | - | 1 | 1 | - | 3 | 4 | 4 | 9 | - | 6 | 6 | 20 | 1 | 1 | 28 | | |
| Medies K | 13 | - | 2 | 11 | 1 | - | - | - | - | - | 27 | 12 | 10 | 5 | - | - | - | - | 25 | 2 | 21 | 1 | 4 | 1 | - | - | 15 | 12 | - | - | - | - | - | 3 | - | - | 2 | 5 | 4 | 8 | 1 | 4 | 2 | 23 | 2 | - | 27 | | |
| D | 16 | 3 | - | 10 | - | 11 | 3 | 11 | - | 4 | - | 18 | 10 | 1 | - | - | - | - | 26 | 3 | 20 | 1 | 7 | 1 | - | - | 2 | 18 | 2 | - | 2 | 4 | - | 3 | 1 | 1 | 2 | 1 | 3 | 10 | 4 | 4 | 8 | 14 | 6 | 1 | 29 | | |
| Totaal | 29 | 3 | 2 | 21 | 1 | 11 | 3 | 11 | - | 4 | 27 | 30 | 20 | 6 | - | - | - | - | 51 | 5 | 41 | 2 | 11 | 2 | - | - | 17 | 30 | 2 | - | 2 | 4 | - | 6 | 1 | 1 | 4 | 6 | 7 | 18 | 5 | 8 | 10 | 37 | 8 | 1 | 56 | | |
| Res | 4 | - | - | 4 | - | 4 | - | - | 1 | 1 | 2 | 7 | - | 1 | - | - | - | - | 8 | - | 4 | - | 3 | - | - | - | - | 4 | 3 | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 2 | 1 | 2 | 2 | 3 | 5 | - | - | 8 | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | (1 = Geen) | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| TOTAAL | 79 | 5 | 6 | 59 | 1 | 39 | 7 | 13 | 4 | 9 | 78 | 66 | 67 | 17 | - | - | - | - | 143 | 7 | 110 | 6 | 28 | 2 | 3(1) | | 27 | 81 | 13 | 17 | 5 | 6 | 2 | 7 | 2 | 4 | 9 | 18 | 26 | 49 | 14 | 19 | 39 | 97 | 12 | 2 | 150 | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | + (cd) | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

'n Bespreking van die tabelhoofde - 'n sleutel tot die analisevel:

1. Geslagtelik.
   Die groepe is geslagtelik ingedeel.

2. Matriek.
   Twee groepe matrikulante word hier onderskei nl.
   (a) Dié groep wat vóór 1953 matrikuleer het en
   (b) Dié groep wat einde 1953 matrikuleer het, d.w.s. dié groep wat direk na matriek universiteit toe gekom het.

3. Universiteit van Pretoria.
   Hier word ook twee groepe onderskei t.w.
   (a) Dié groep wat vóór 1954 alreeds na hierdie universiteit toe gekom het en
   (b) Dié groep wat in 1954 vir die eerste keer na hierdie universiteit toe gekom het - d.w.s. eerstejaarstudente aan U.P. in 1954.

4. Provinsie waarin die skool, waar die student matrikuleer het, geleë is.
   Die skole is ingedeel volgens die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika. 'n Vyfde indeling maak voorsiening om alle skole in Suidwes-Afrika en alle ander gebiede buite Suid-Afrika te dek.

5. Die voertaal op skool.
   Voorsiening is gemaak vir:
   (a) Afrikaans;
   (b) Engels;
   (c) Albei;
   (d) Ander tale as voertaal.

6. Die huistaal van die studente.
   Die volgende indeling is gemaak:
   (a) Afrikaans;
   (b) Engels;
   (c) Albei;
   (d) Ander tale.

7. Die tipe skool waaruit die studente kom.
   (a) Gemengde skole, d.w.s. waar seuns en dogters saam op dieselfde skool onderrig ontvang.
   (b) Seunskole;
   (c) Meisieskole.

8. Die herkoms van die studente na aanleiding van die woonplek van die ouers.

Die herkoms van die studente is as landelik of stedelik geklassifiseer. Die klassifikasie is gedoen na aanleiding van die woonplek van die ouers en dit sluit al vier die provinsies in asook gebiede wat as „Elders" geklassifiseer kan word. Die klassifikasie landelik-stedelik is gedoen aan die hand van 'n indeling van die Buro vir Sensus en Statistiek.

9. Die klassertifikaat wat deur die studente in die Matrikulasie-eksamen behaal is.

Die indeling is soos volg:

(a) Eersteklas;

(b) Tweedeklas;

(c) Derdeklas;

(d) 'n Groep waarvoor daar nie 'n klas aangegee is nie.

10. Die beroep van die broodwinner van die gesin.

Hier is van die volgende indeling gebruik gemaak, naamlik:

(a) Professionele kategorie.

Hierdie groep is weer ingedeel in twee onder-afdelings t.w.

(i) Hoër Professionele groep.

Hierdie groep beskik oor universiteitskwalifikasies.

(ii) Laer Professionele groep.

Hierdie groep sluit rekenmeesters en onderwyser(s)esse in wat nie oor universiteitskwalifikasies beskik nie.

(b) Klerklike kategorie.

Algemeen klerklike werk asook die Staatsdiens word hierby betrek. Hier is ook van 'n tweeledige indeling gebruik gemaak nl.

(i) Hoër Klerklike groep.

Dit is die groep wat die matrikulasie standaard bereik het en klerklike werk verrig.

(ii) Laer Klerklike groep.

Dit is dié groep wat nie matriek behaal het nie en klerklike werk verrig.

(c) Ambagslui.

Hier is ook twee groepe onderskei naamlik:

(i) Hoëre ambagte;

(ii) Laere ambagte.

10. (c) Die beoordeling is gedoen op grond van 'n arbitrêre skaal en veral die hoogste standerd behaal op skool deur die broodwinner, die salarisgroep waarin hy val en die tipe werk wat hy verrig, is as maatstaf aangewend.

(d) Boere.
Alle BOERE met professionele kwalifikasies is onder die professionele groep ingedeel en nie as BOERE nie. Die rede hiervoor is die feit dat die mate van opleiding wat die ouer geniet het grootliks gaan bepaal welke eise hy aan die kind gaan stel - veral op opvoedkundige gebied.

(e) Ander.
Alle ander beroepe is hieronder ingesluit t.w. Eienaars van sake, polisie, ens.

11. Die woonplek van die student tydens sy matrikulasie jaar.
Die woonplekke is soos volg ingedeel:

a By ouers;
b Familiebetrekkinge;
c Privaatmense;
d Koshuis;
e Ander.

12. Die woonplek van die student vanjaar.
Die volgende woonplekke word onderskei:

a By ouers;
b Familiebetrekkinge;
c Privaatmense;
d Op sy eie in 'n kamer of woonstel;
e Privaatlosieshuis of hotel;
f Koshuis.

13. Die aantal kamermaats vanjaar.
Hier word die aantal kamermaats wat saam met hom vanjaar in die kamer is aangedui.

14. Is die student oor die algemeen tevrede met sy verblyfplek vanjaar?

15. Wie is die broodwinner van die gesin waaruit die eerstejaarstudente kom?

a Die vader;
b Die moeder;
ab Die vader en die moeder;
c Iemand anders bv. 'n broer, ens.

...

15. ac Die vader en 'n ander;
    bc Die moeder en 'n ander;
    abc Die vader, moeder en 'n ander.

16. <u>Die vervoermiddel waarmee die student na die universiteit toe kom</u>.

Die volgende onderskeiding word gemaak:

- a Loop;
- b Fiets;
- c Bus;
- d Trein;
- e Bromfiets, motorfiets, ens;
- f Motor.

17. <u>Die inkomstegroep van die gesin waaruit die student kom</u>.

Die studente is gevra om aan te toon in welke groep hulle gesinne val en hierdie groep sou dan aantoon wat die bedrag is wat tot die beskikking van <u>AL</u> die lede van die gesin gestel word. Indien 'n broer wat werk sy totale inkomste tot die beskikking van die gesin sou stel, is hierdie bedrag by dié van die broodwinner gevoeg en indien hy slegs losies sou betaal en die res van sy inkomste vir homself sou toe-eien, is hy as 'n aparte ekonomiese eenheid beskou.

Hierdie indeling is baseer op dié van die „KOMMISSIE VAN ONDERSOEK INSAKE DIE GESINSLEWE".

- a £0 - £199;
- b £200 - £299;
- c £300 - £399;
- d £400 - £499;
- e £500 - £599;
- f £600 - £799;
- g £800 - £999;
- h £1000 - £1499;
- i £1500 - £1999;
- j £2000 - £ en meer.

18. <u>Die bedrag sakgeld wat die student maandeliks ontvang</u>.

Die volgende indeling is gemaak:

- a £0 - £2;
- b £2 - £5;
- c £5 - £10;
- d £10 en meer.

19. <u>Die samestelling van die gesinne waaruit die studente kom</u>.

Die gesinne is as

- a Volledig; en
- b Onvolledig geklassifiseer.

19. 'n Gesin word as volledig beskou indien albei die ouers nog lewe en as onvolledig in gevalle waar een of albei ouers oorlede is en ook in gevalle van stiefverhoudings.

20. Die hoogste standerd wat deur die broodwinner op skool behaal is.

21. Alle na-skoolse opleiding wat die broodwinner geniet het. Hier word alle opleiding wat buite die gewone skoolleerplanne val, aangetoon soos universiteitsopleiding, professionele opleiding asook ambagsopleiding.

(a) Universiteitsopleiding.
Alle broodwinners wat 'n universiteitsopleiding geniet het word hieronder ingedeel.

(b) Professionele opleiding.
D.w.s. alle broodwinners wat ná matriek 'n professionele kursus gevolg het. Hieronder val al diegene wat universiteitsgrade behaal het plus professionele opleiding asook diegene wat ná matriek professionele kursusse gevolg het soos in die geval van persone wat onderwyskursusse gevolg het, sonder om 'n universiteit by te woon, asook bv. Rekenmeesters e.a. wat professionele kwalifikasies behaal het ná matriek.

Hierdie groep broodwinners het dus almal minstens die matrikulasie-standaard bereik plus ander professionele opleiding.

(c) Ambagsopleiding.
Hierdie groep sluit alle broodwinners in wat ambagsopleiding geniet het en daarvoor erkenning verkry het. D.w.s. hier kan mense voorkom wat matrikuleer het asook andere wat moontlik laer standerds bereik het.

22. Die gesinsgrootte waaruit die studente kom. Hier word die grootte van die gesinne waaruit die studente kom aangetoon. Daar word ook aangetoon of die vader en/of die moeder oorlede is aldan nie.

23. Die werklike aantal afhanklikes van die broodwinners van die gesinne waaruit die studente kom. Die werklike aantal afhanklikes word aangetoon. Dit is absoluut noodsaaklik om dit te weet aangesien 'n broodwinner soms nog vir ander persone soos bv. 'n oupa en/of ouma, pleegkinders, ens. moet sorg. Soms kan meeste van die studente se broers en susters alreeds uit die huis uit wees en geheel-en-al onafhanklik van die broodwinner wees, terwyl laasgenoemde tog nog verpligtinge het t.o.v. ander afhanklikes.

24. Die geskatte opgaaf van die uitgawes van die studente vir die akademiese jaar.

Hier word die geskatte uitgawes van die studente vir die akademiese jaar aangetoon. Vir die koshuisstudente word daar onderskei tussen Normaalkollege studente en studente in universiteitskoshuise. Die rede hiervoor is die laer losiesgelde wat deur die Normaalkollege studente betaal word.

Die dagstudente groep word verdeel in 'n groep wat by hulle ouers woon en 'n groep wat losiesgelde betaal.

25. Die studente se posisie in die gesinshierargie.

Die posisie wat die student bekleë in die gesinshierargie word hier aangetoon t.w. Oudste, jongste, enigste, tweede, derde, ens.

26. Die geldbronne waarvan die student afhanklik is vir die akademiese jaar.

Dit is 'n bekende feit dat meeste studente van verskillende geldbronne moet gebruik maak om hulle universiteitsloopbaan te kan voltooi. Die volgende geldbronne word in ons ondersoek aangehaal:

a Ouers;
b Beurse;
c Lenings;
d Ander - erfgeld, eie verdienste, ens.
e Enige kombinasies van bogenoemde bronne t.w. ab, ac, abc, ad. ens.

---

Nadat die eksamenuitslae beskikbaar gestel was, is hierdie bykomende inligting ook op die tabelle aangebring en kon ons begin met 'n vergelyking tussen die slaag- en druipgroepe ten opsigte van die meer sosiologiese faktore.

(b) Inligting aan eerstejaarstudente.

In Oktober 1954 het die Sentrale Studenteraad[1] 'n inligtingspamflet[2] saamgestel en aan voornemende eerstejaarstudente gestuur. Elke eerstejaarstudent wat in 1955 tot die universiteit toegetree het is voorsien met so 'n pamflet.

---

1) Die Sentrale Studenteraad (S.S.R.) is 'n studenteliggaam wat saamgestel is uit verteenwoordigers van die Binnemuurse Verteenwoordigende Studenteraad. (Verteenwoordigende Studenteraad = V.S.R.) „Die S.S.R. is derhalwe die hoogste studenteliggaam aan die Universiteit van Pretoria." p.10. Inligtingspamflet 1955.
2) Inligtingspamflet 1955, gedruk vir die Sentrale Studenteraad van die Universiteit van Pretoria deur Minerva Drukpers, Pretoria. p.4.

(b) 'n Welkomswoord deur die Rektor, die Burgemeester en die voorsitter van die Sentrale Studenteraad heet die studente welkom. Die voorsitter van die Sentrale Studenteraad sê onder andere

„Om dan 'n ware lid van hierdie gemeenskap te word sal u vir 'n ruk lank (wat betref die studentelewe) 'n „vakleerling" moet wees. Die aanpassing is moeilik maar as u as eerstejaars met hart en siel saamlewe in die aktiwiteite van hierdie gemeenskap en die teregwysinge van senior studente in die regte gees aanvaar, dan sal u binnekort ook kan help bou aan ons groot Tukkietradisie en die leuse van ons Alma Mater u eie kan maak, nl. AD DESTINATUM PERSEQUOR (Ons strewe na die doel)."

Die inligting aangaande die „Beroepsvoorligting vir eerstejaar" is egter geheel-en-al foutief. Die program en dienste soos uiteengesit in die pamflet is natuurlik nie in die praktyk uitgevoer nie. Van positiewe, wetenskaplike voorligting in die ware sin van die woord is daar nog nie sprake nie. Daar is nog geen persone benoem om voorligting aan eerstejaarstudente te gee nie. Die navorsingsbeamptes het wel in gevalle waar studente om hulp kom aanklop het, raad gegee. Niemand kon egter sondermeer van kursus of vak verander het sonder om die gewone universiteitsregulasies en reëls na te kom nie.

Studente self kon dus weinig voordeel trek uit die program.

Bestudeer ons die inligtingspamflet verder, dan sien ons dat daar 'n kort historiese oorsig van die universiteit volg. Hierna word inligting aangaande die bestuur, doserende en administratiewe personele verstrek.

Vervolgens word die een en ander meegedeel oor die grotere studentegemeenskap. Die samestelling en funksies van die belangrikste studenteliggame word bespreek.

Met betrekking tot beperkinge wat op eerstejaars gelê word, word ook volledige inligting verskaf, byvoorbeeld:

„Aan die Binnemuurse afdeling is alle studente wat in sy eerstejaar geslaag het stemgeregtig by alle geleenthede, mits sy stemreg nie ontneem is deur die S.S.R. nie. Eerstejaars is onder geen omstandighede stemgeregtig nie - nogtans is hulle verplig om alle algemene studentevergaderings, sangbyeenkomste, e.d.m. by te woon, sodat hulle in hul tweede jaar ten volle op hoogte van sake kan wees. Alle geregistreerde BUITEMUURSE Studente (insluitende Eerstejaars) is stemgeregtig."[1]

263/ ...

1) Inligtingspamflet 1955, p.14.

(b) 'n Student kan alleenlik universiteitskleure verwerf indien hy oor twee U.P. registrasiekaarte beskik asook 'n inlywingsertifikaat en 'n bewys dat hy/sy in sy/haar eerste jaar akademies geslaag het. Die betrokke huiskomitee reik inlywingsertifikate uit nadat die student met welslae die eerstejaar aan U.P. as nuweling, die verpligtinge van 'n eerstejaarstudent nagekom het. D.w.s. die inlywingsertifikaat is 'n toekenning weens verdienstelikheid.

„As kenteken van U.P. dra 'n eerstejaarstudent 'n groenknopie wat dwarsdeur die eerstejaar gedra moet word. Hierdie groenknopies word uitgereik deur die S.S.R."[1)]

Hierna volg 'n uiteensetting van die studentetehuise en -huise. Elke tehuis funksioneer volgens sy eie konstitusie en kies jaarliks uit sy midde 'n Huiskomitee. So 'n Huiskomitee word gewoonlik bygestaan deur verskeie onderkomitees wat help met die uitvoering van sekere spesifieke opdragte. Die Bestuur van die tehuise en huise sorg vir alle sosiale, akademiese en ander aangeleenthede van die betrokke groepe gedurende die jaar. Hierin word die Bestuur bygestaan deur die Huiskomitee en sy aangewese onderkomitees.

„Alle beheer oor Eerstejaars word deur die betrokke Huiskomitees onder toesig van die Huisvader, Huismoeder en die S.S.R. uitgeoefen." [2)]

Studente word verder ook nog ingelig met betrekking tot die verskillende studenteverenigings aan die universiteit. Agt van die belangrikste verenigings word aan studente voorgestel - meestal kultuurverenigings. Op die gebied van sport kan studente 'n keuse maak uit ongeveer vyftien verskillende klubs.

'n Afdeling getiteld: „Van algemene belang vir eerstejaars" is nogal belangrik. Hier word onder andere meegedeel hoedat studente losies kan bekom; wenke oor kleredrag; sakgeld; bearbeiding deur die studenteleraars; militêre diens; eksamens en uitslae e.d.m.

Uit die bostaande bespreking kan die leser dus tussen die reëls lees dat daar wel, van die kant van die studentegemeenskap verskeie pogings aangewend word om eerstejaarstudente te verwelkom en in te lyf. Alvorens die stryd teen ontgroening sondermeer aangeknoop word, sal dit wenslik wees om die hele aangeleentheid breedvoerig, wetenskaplik te ondersoek.

1) Ibid, p. 15.
2) Ibid, p. 15.

(b) Die leser sal teenstrydighede bemerk aangesien die amptelike Jaarboek duidelik laat verstaan dat daar geen ontgroening aan die universiteit toegelaat word nie, nogtans rig die Rektor 'n woordjie van verwelkoming tot die eerstejaarstudente in die inligtingspamflet waarin die studentegemeenskap se houding duidelik uiteengesit word. Of 'n misverstand óf 'n opsetlike flater is dus ooglopend.

(c) Administratief.

Dit het spoedig geblyk dat die beheer, registrasie en administrasie werklikwaar veel te wense oorlaat. 'n Belangrike rede mag natuurlik die kwessie van koste wees. Die ondersoeker is egter die mening toegedaan dat die universiteitsowerhede sekerlik self graag meer en beter hanteerbare gegewens tot hulle beskikking sal wil hê. Hierdie hele aspek verdien bepaald 'n grondige wetenskaplike ondersoek.

Die registrasie van studente veral eerstejaarstudente verdien aandag. Tot op datum is die prosedure dat 'n student wat vir die eerste keer aan hierdie universiteit registreer, 'n groenkleurige registrasiekaart moet invul. Alle groenkaarte, dus nuwe inskrywings, word beskou as eerstejaarskaarte. Só beskou is die prosedure heelwaarskynlik reg. Die navorser sal egter onmiddellik besware teen hierdie prosedure opper. Vanaf die registrasiekaart sal hy nou moet vasstel of die student alreeds aan 'n ander inrigting studeer het of nie, of hy direk na skool universiteit toe gekom het of nie, e.d.m. Dit spreek dus duidelik dat só 'n prosedure feitelik 'n onbegonne taak is aangesien die inskrywingstal elke jaar 600 of meer beloop. 'n Stelsel bv. Hollerith of I.B.M. sal byvoorbeeld die owerheid baie gouer kan voorsien met so te sê enige denkbare inligting moontlik - binne minute selfs. Onderlinge vergelyking, korrelasies, tendense e.d.m. sal aldus vasgestel kan word. Dink maar aan korrelasies tussen verskeie faktore onderling en ook aan al die moontlikhede indien die eksamenresultate ook nog binne die prentjie gebring word.

Die huidige registrasietydperk is te kort en boonop volg die amptelike lesings te gou na die registrasie. Vir menige student is 'n akademiese loopbaan geskoei op 'n lukraak lees. Sy kanse om 'n kursus te verander of soms selfs van vakkeuses te verwissel, is uiters gering aangesien meeste van hulle bewus is van die feit dat 'n oorskakeling vertraging aandui. Meeste studente is bewus van

(c) die feit dat alle lesings min of meer op dieselfde tyd 'n aanvang neem en oorskakeling op 'n later tydstip beteken dus onteenseglik 'n agterstand by die nuwe keuse.

Ouers en studente word nie 'n kans gegun om behoorlik en tydsaam met dekane en andere belanghebbende persone oor voornemende kursusse, loopbane of rigtings te gesels nie.

Van voorligting is daar geen of weinig sprake. Alle dosente is ook nie geskik en opgelei om 'n student te help kies nie. Skolastiese en psigologiese kennis is absoluut 'n vereiste. Dryfvere, stukragte, finansies, aanleg, belangstelling, intelligensie e.d.m. is almal faktore wat wel deeglig in aanmerking geneem moet word. Dink maar aan knap, briljante studente wat geensins instaat is om selfstandig in die lewe te kan staan nie. Psigologiese kennis en kennis van beroepe en beroepsmoontlikhede sou hierdie stremminge in die regte kanale kan laat ontlaai. Menige mislukking net soos menige sukses is toe te skrywe aan die optrede van dosente. Genoemde faktore behoort natuurlik gekontroleer te word.

Wat bostaande aspekte betref, sal die owerhede self moet besluit of hulle tevrede is met die huidige toedrag van sake of nie.

(d) <u>Inwoning</u>:

Die inwoning van studente aan die Universiteit van Pretoria laat veel te wense oor. Hierdie bewering verdien verdere verduideliking.

Gedurende 1954 was daar ongeveer 4,326 ingeskrewe binnemuurse en ongeveer 1050 buitemuurse studente terwyl daar die volgende tehuise vir inwonende studente is:

(i) Damestehuis
(ii) Sonoptehuis vir mans
(iii) Voortrekkertehuis vir mans
(iv) Kollegetehuis vir mans
(v) Onderstepoort-tehuis vir mans
(vi) Mediese- en Tandheelkundetehuis vir mans.

Die bogenoemde tehuise kan beswaarlik een tiende van die totale studentegemeenskap huisves. Die oorgrote meerderheid studente is dus aangewese op losies. Juis hierdie laasgenoemde aspek verdien aandag.

(d) Die student wat nie in 'n koshuis opgeneem word nie kan een van die volgende pogings aanwend om losies te bekom:

(i) Adresse by die Registrateur kry;
(ii) Aanklop by die studenteleraars of
(iii) Koerante raadpleeg of self rondloop en soek.

'n Kritiek teen die bostaande reëlings kan alleenlik uitgespreek word indien die saak ondersoek word. Die ondersoek het die volgende aan die lig gebring m.b.t. die losies van studente.

(i) Die Registrateur neem die name en adresse van enigeen wat losies aanbied. Hierdie organisasie neem so 'n groot omvang aan dat daar bloedweinig beheer oor verblyfplekke uitgeoefen kan word. Alleenlik swak losiesplekke wat spesifiek onder sy aandag kom, word van die register geskrap. 'n Deeglike beheer sal die aandag van 'n goed opgeleide persoon voltyds in beslag neem.

(ii) Die Studenteleraars doen deegliker werk aangesien hulle meestal die verblyfplekke ken en ook daar meeste huise wat aan hulle bekend is, gewoonlik lidmate van die kerk is. Dit beteken dus dat hulle nie juis grondige kennis dra i.v.m. goeie losiesplekke wat moontlik deur ander persone aangebied word nie. Hier dink ons aan die talle studente wat by Engelssprekende gesinne inwoon en dergelike gevalle.

Die Studenteleraar se huisbesoeke, ofskoon ongereëld bring hom nogtans in die praktyk in aanraking met die inwoningstoestande van die studente. Hulle beskik immers oor meer eersterangse kennis i.v.m. losies en aanverwante sake as bv. die Registrateur.

(iii) Studente wat nie van bogenoemde twee bronne t.w. die Registrateur en die Studenteleraars se dienste gebruik wil maak nie, kan koerante, vriende en/of kennisse raadpleeg of selfs self rond loop en na losies soek. Bogenoemde prosedure is gewoonlik slegs tydelike maatreëls. Dit berus in hoofsaak op die geluk aangesien 'n persoon op hierdie wyse, nes in geval van die inligting soos verstrek deur die Registrateur, hom moet verlaat op wat die geluk gaan aanbied.

(d) Beskou ons die bostaande prosedure krities, dan spreek dit duidelik dat daar tog sekerlik 'n beleid t.o.v. losies aan studente behoort te bestaan. Die vraag kan natuurlik nog ontstaan op wie die onus moet berus m.b.t. losiesaangeleenthede? Dit skyn onredelik te wees om te verwag dat die Registrateur verantwoordelik moet wees vir die huisvesting en losies van die studente.

Sy ampspligte omsluit genoeg ander verpligtinge en om hom nog met hierdie saak op te saal, sou van gebrek aan insig getuig.

Die studenteleraars verteenwoordig op hulle beurt slegs een groepie in die groot samelewing en aangesien hulle alreeds meer werk op geestelike gebied het as wat hulle kan behartig, is dit onwenslik om losiesaangeleenthede na hulle te verwys.

Die derde metode waarvolgens studente losies kan bekom laat ook veel te wense oor, aangesien daar op hierdie wyse geen beheer hoegenaamd deur enigiemand uitgeoefen kan word nie.

Die losiesprobleem is een van die grootste probleme waarmee die Universiteit van Pretoria te kampe het. Dit sal die skrywer glad nie verbaas om te verneem dat hierdie „probleem" vir die universiteitsowerheid geen probleem vorm nie. Bes moontlik sal hulle verwys na die nuwe tehuis vir Mediese en Tandheelkundige studente. Hierdie sierlike gebou het ongelukkig 'n sukkelbestaan tydens sy wordingsjare beleef. Moontlike redes mag die volgende wees:

(i) die losiestarief in die koshuis is hoër as vir privaatlosies in daardie betrokke buurt.

(ii) die kamers is ingerig vir twee studente per kamer terwyl die tehuis eintlik moet voorsien in die behoeftes van senior studente.

'n Bewys vir die ondersoeker dat die tehuis nie sy funksie doelmatig vervul nie, is die feit dat van die kant van die universiteitsowerheid, eerstejaarstudente wat kursusse volg wat te Hatfield aangebied word, aldaar gehuisves is. Só 'n reëling is onprakties en verdien ons afkeur.

Die Mediese- en Tandheelkunde-tehuis beantwoord dus nie aan sy primêre doel nie.

In ander universiteitstehuise het die ondersoeker drie en selfs vier studente per kamer aangetref. Ons is die mening toegedaan dat die geldmotief heelwaarskynlik die akademiese en opvoedkundige oorskadu. Boonop het elke student wat

(d) in 'n universiteitstehuis tuisgaan, nie eers sy eie hangkas nie - selfs oop rakke met gordyne voor dien as kaste en dit nogal teen die vasgestelde inwoningstarief.

Die koshuisstudente geniet egter oor die algemeen baie beter fasiliteite as die Dagstudente. Dink maar veral aan die leeskamer- en biljartkamergeriewe. Die Dagstudente moet sonder genoemde geriewe klaarkom en dit is juis hierdie groep wat ons probleemgroep vorm. Is dit nie die plig van die universiteitsowerhede - studenteraad en universiteitsowerheid - om onmiddellik in hierdie behoeftes te voorsien nie?

Die gevolgtrekking waartoe die ondersoeker geraak, is dat die koshuisstudente baie beter daaraan toe is, as die dagstudente ten spyte van enkele gebreke wat opgemerk is. Tehuise kies hulle Huiskomitees uit eie geledere en reël self huishoudelike sake. Hierdie aspek is uiters belangrik aangesien die groep aldus beheer oor hulself uitoefen. Reëls in koshuise is dus huishoudelike aangeleenthede en word heel demokraties gewysig indien nodig. Damestehuis staan onder strenger beheer as die manstehuise terwyl die tehuise van die Normaalkollege - mans sowel as dames - op hulle beurt onder strenger toesig staan as die universiteitstehuise. Laasgenoemde reëling is duidelik, aangesien meeste studente aan Normaalkolleges van die een of ander tipe beurs gebruik maak en aangesien hierdie inrigtings onder die beheer van die Provinsiale Onderwysdepartement staan.

Hieronder volg 'n voorbeeld van die residensiële koshuisreëls soos toegepas aan 'n manstehuis van die Normaalkollege, Pretoria.

KOSHUISREëLS : RESIDENSIE.

1. Koshuis en omgewing:

(i) Meubels.

(a) Meubels mag nie uit die kamers weggeneem word of tussen twee kamers omgeruil word nie. (Dit sluit beddegoed in).

(b) By die beskadiging van meubels moet dit aan die Huiskomitee gerapporteer word en die beskadiger moet dit self herstel of laat herstel. Dit geld vir alle koshuiseiendom.

(c) By plekke waar slotte en neuse aangebring is, moet die slot afgesaag word indien die sleutel verlore raak.

(d) 1. (i) (d) Koshuiskomberse mag nie oor die tafels gesprei word nie, of vir enige buitefunksies uit die kamer geneem word nie.

(e) Prente moet d.m.v. behoorlike prentehakkies aan die mure gehang word.

(f) Dit is ten strengste verbode om enige spelde, spykers of plakpapier aan die mure, kaste of prentelyste aan te bring.

(g) Rokers moet asbakkies aanhou vir stompies en sigaretas.

(ii) Elektrisiteit.

(a) Leeslampte en radios mag aangehou word.

(b) Daar moet gesorg word dat iedere radio 'n lisensie het.

(c) Persone wat na twee waarskuwings hulle radios nog te hard aanskakel, se radios sal deur die H.K. gekonfiskeer word vir 'n tydperk volgens goeddunke.

(d) Verwarmers mag nie aangehou word nie.

(e) Elektriese stofies, ketels en strykysters mag nie in die kamers aangehou word nie. Daar mag egter van sulke artikels in die koffie en/of strykkamers gebruik gemaak word.

(f) Afskakel van ligte: Persoon naaste aan die skakelaar moet sorg dat die ligte omstreeks elfuur saans afgeskakel word. Die huiskomitee sal sorg vir die ligte van die portaal, stoep, fietsloods, badkamers, ens.

(iii) Badkamers.

(a) Badkamers moet deur elke persoon gelaat word soos hy daarvan sal hou om dit te vind.

(b) Wasgoed mag nie in die wasbakke van die badkamers gewas word nie, maar in die baddens of geriewe wat vir dié doel voorsien is.

(c) Skille, stompies, papiere, ens., moet uit die badkamers uitgehou word.

(iv) Koffiekamers en sitkamers:

(a) Verhoed morsery op die vloer van die koffiekamers sover moontlik; stompies moet in die asbakkies doodgedruk word.

(b) Meubels wat beskadig word: verwys na (i)(b).

(c) Dames mag slegs in die middae na koffietyd en voor aandete in die sitkamers kom. Ouers en familie is te enige tyd welkom.

(d) 1. (v) Netheid:
Hou die gebou self en die omgewing so net as moontlik.

2. Kleredrag:

(i) Eetsaal.

(aa) Weeksdae:

(a) Ontbyt: Lang broek.
Groen bosbaadjie of gewone baadjie en das.

(b) Middagete: Lang- of kortbroek.
Enige baadjie of bosbaadjie.

(c) Aandete : Lang broek, baadjie en das.

(d) Laat etes: Soos die persoon van die klas af kom.

(bb) Saterdae:
Oggend-, middag- en aandete soos vir middagete op weeksdae. Rugbytruie mag nie na die eetsaal toe aangetrek word nie.

(cc) Sondae:
Oggend en middag: Soos vir aandete op weeksdae.
Aandete : Pak klere.

(ii) Buite die Kollegegronde.
'n Baadjie of bosbaadjie is verpligtend. Saam met 'n kortbroek moet lang kouse gedra word. Sandale word onder geen omstandighede op straat toegelaat nie.

(iii) Sport-drag.
Indien daar op straat met sportklere gegaan word, moet die volgende vereistes nagekom word:
(aa) Atletiek: Sweetpak of hemp en skoene.
(bb) Tennis : Tennisdrag en baadjie.
(cc) Rugby : Rugbyklere en baadjie.

(iv) Kleurbaadjie.
Wanneer 'n das vereis word, 'n groen das of kollege-das.
Lang vaal broek of kortbroek en lang kouse.
'n Effekleurige hemp (verkieslik wit of groen).
Die kleurbaadjie mag nie na klasse toe aangetrek word nie en verkieslik ook nie op Sondae nie.

3. Etes.

(i) Kom betyds, of glad nie.

(ii) Aanvaar die beleid van opvulling. Dit is maar een van die metodes om die gesonde beginsel van besparing uit te leef.

(d) (iii) 3. Reëlings vir laat etes en toebroodjies word skriftelik gedoen en voorsiening word daarvoor gemaak solank die persoon hom daarby hou.

4. Gebarste of ongeskikte eetgerei moet na een van die huisvoorsitters geneem word wat dit op hulle beurt na die huisvader of matrone sal neem.

5. Moenie met klagtes na die kombuis gaan nie. Maak van die regte kanale gebruik.

6. Bediendes staan onder die beheer van die matrone. Klagtes i.v.m. hulle moet by die huisvader aanhangig gemaak word.

7. Indien u vooraf met die matrone reëlings tref, kan u 'n vriend (oudstudent) meebring vir ete teen die besoekerstarief van 3/- per maaltyd. Vir besoekers van ander Kolleges is die tarief 1/9.

8. Afkondigings word gedoen deur:

(aa) Sportverteenwoordiger. (Sport).

(bb) Sosiale verteenwoordiger. (Sosiaal).

(cc) S.R.-voorsitter.

Afkondigings moet skriftelik aan die persone oorhandig word voor ete.

9. <u>Godsdiensbeurte</u>:

(aa) Weeksdae - Studente.

(bb) Saterdae - Personeel.

(iv) <u>Reëlings met Matrone</u>:

1. <u>Wasgoed.</u>

(aa) Word Woensdagoggend ingegooi en wasgoedsakke moet voor ete gereed wees.

(bb) Sakke moet behoorlik gemerk word: Naam en koshuis 6" van onder.

(cc) 'n Maksimum van 18 stukke.

(dd) Sakke moet behoorlik toegemaak word.

(ee) Kadetpakke 1/3 ekstra.

2. Donderdae word bedlinne gewissel en kamers moet dan nie gesluit word nie.

3. <u>Pos.</u>

(aa) <u>Ure</u>: Weeksdae - 1-1.30 n.m.<br>6-6.30 n.m.<br>Saterdae - 11.30-12.30 n.m.

(bb) Huiskomiteelede is verantwoordelik vir die afhaal van die pos by die matrone en pos sal slegs aan hulle oorhandig word.

(d) (iv) 4. Indien 'n persoon siek word, moet hy persoonlik of met 'n student dit aan die matrone laat weet. Die matrone sal hom dan so gou moontlik besoek en verdere instruksies of medisyne gee. Onder geen omstandighede moet siekteboodskappe met 'n naturel gestuur word nie.

(v) Inwonende Personeel.

Elkeen is 'n week lank op diens en hulle moet beskou word, nie as oppassers nie, maar as raadgewers.

(vi) Kontrole oor uitgaan.

Die eerstejaar moet toestemming van die H.K. kry om weeksaande uit te gaan (Vrydae uitgesluit) of om naweke huis toe te gaan. Almal moet die naweekboek teken. (Eerstejaars sowel as seniors.)

---

Ofskoon die Universiteitstehuise nie sulke geskrewe reëls het nie, het die ondersoeker vasgestel dat die reëls aldaar toegepas tot 'n baie groot mate ooreenstem.

Die reëls van die tehuise vir dames kom ook in 'n groot mate ooreen. Moontlik is die toesig van owerheidsweë by Normaalkollegetehuise so ietwat strenger. Dit geld veral die kwessie van uitgaan.

(e) Uitgawes van eerstejaarstudente tydens die eerstejaar op Universiteit.

Die ondersoeker het ook 'n ontleding ten opsigte van finansiële uitgawes van eerstejaarstudente gemaak. Die totale studente in die 1954-steekproef is in aanmerking geneem. In die onderstaande tabel word die gemiddelde uitgawe van eerstejaarstudente aan die universiteit gedurende 1954 aangetoon.

Die gemiddelde uitgawe van eerstejaarstudente aan die universiteit gedurende 1954.

| Kursus-groep: | Die gemiddelde uitgawe van die groep studente. Dagstudente: Ouers | Dagstudente: Loseerders | Dagstudente: Gemiddeld | Koshuisstudente: Universiteits-koshuis | Koshuisstudente: Normaalkollege tehuise | Koshuisstudente: Gemiddeld | Gemiddeld vir die Totale groep | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B.A.<br>B.Sc. | 134.6<br>134.4 134.5 | 261.8<br>239.5 250.7 | 198.2<br>187.0 192.6 | 238.0<br>243.0 240.5 | 260.3<br>207.9 207.1 | 222.2<br>225.5 223.9 | 210.2<br>206.3 208.3 | 209.3 |
| Medies<br>Res. | 151.0<br>121.8 136.4 | 257.6<br>227.5 242.6 | 204.3<br>174.7 189.5 | 232.0<br>230.0 189.5 | Geen nie van toepassing | 232.0*<br>230.0* 231.0 | 218.2*<br>202.4* 210.3 | |
| Gemiddeld. | 135.5 | 246.6 | 191.1 | 235.8 | nie | 227.4 | 209.3 | |

* Geen Normaalkollegestudente is by hierdie kursusgroepe ingesluit nie.

**Bespreking.**

(e) (i) Dagstudente.

Hierdie groep val in twee definitiewe groepe uiteen, naamlik 'n groep wat by hulle ouers inwoon en 'n groep wat loseer. Die gemiddelde uitgawe per student vir dié groep wat by hulle ouers tuisgaan is £135.5 en vir dié groep wat loseer, bedra dit sowat £246.6 per jaar.

Die gemiddelde uitgawe vir die totale groep dagstudente bedra omtrent £191.1.

Dit wil voorkom asof daar geen noemenswaardige verskille ten opsigte van uitgawes tussen die onderskeie kursusgroepe onderling bestaan nie.

(ii) Koshuisstudente.

Hierdie groep val ook in twee afsonderlike groepe uiteen, naamlik 'n groep wat in universiteitskoshuise woon en 'n groep wat in Normaalkollegetehuise tuis gaan. Daar dien egter op gelet te word dat slegs B.A.- en B.Sc.-studente in koshuise van die Normaalkollege tuis gaan. Dié gemiddelde uitgawe per student in universiteitskoshuise vir B.A.- en B.Sc.-studente, het sowat £240.5 bedra terwyl studente in Normaalkollegekoshuise ongeveer £207.1 bestee het vir dieselfde kursusgroepe. Die gemiddelde uitgawe vir B.A.- en B.Sc.-studente in koshuise was ongeveer £223.9 per student. Die gemiddelde uitgawe van alle eerstejaar koshuisstudente was sowat £227.4 per student gedurende 1954.

(iii) Samevattend.

(aa) Die gemiddelde uitgawe van eerstejaarstudente wat by hulle ouers gewoon het, het ongeveer £135.5 bedra.

(bb) Die uitgawe van studente wat loseer het, het sowat £246.6 per student bedra.

(cc) Die gemiddelde uitgawe van dagstudente in 1954 was ongeveer £191.1 per student per jaar.

(dd) Die totale gemiddelde uitgawe van eerstejaarstudente in universiteitskoshuise was ongeveer £235.8 per student, per jaar.

(ee) Die gemiddelde uitgawe van eerstejaar B.A.- en B.Sc.-studente in Normaalkollegetehuise het ongeveer £207.1 per student per jaar bedra.

(ff) Die gemiddelde uitgawe van eerstejaarstudente in koshuise het ongeveer £227.4 per student per jaar bedra.

(e) (iii) (gg) Die gemiddelde uitgawe per student vir die totale groep eerstejaarstudente in 1954 was ongeveer £209.3 per student vir die jaar.

(hh) Studente wat loseer se uitgawes is skynbaar die hoogste, naamlik ongeveer £246.6 per student per jaar. Hierna volg koshuise met 'n gemiddelde uitgawe van sowat £227.4 per student, per jaar en laastens kom die groep wat by hulle ouers woon met ongeveer £135.5 per student per jaar uitgawes.

(ii) B.A.- en B.Sc.-studente wat in Universiteits- en Normaalkollegetehuise woon, se uitgawes bedra £240.5 en £207.1 per student per jaar onderskeidelik. Dit wil sê 'n verskil van ongeveer £33.4 per student per jaar.

(jj) Dit word bereken dat dit die Regering naastenby £100 per student per jaar kos aan subsidie om 'n universiteit te kan bywoon.

(kk) Finansieël gesien, behoort daar 'n breedvoerige en intensiewe ondersoek ingestel te word na die koste wat druipelinge die land jaarliks kos.

(f) <u>'n Ontleding van die vraelyste</u>.

(i) <u>Die ondersoek van Schlebusch</u>.[1]
Hieronder volg 'n opsommende tabel waarin die resultate van die verwerkinge aangetoon word.

1) Schlebusch, A: a.w.

(f) (i)

| Vraag Nommer | Waarde van $x^2$ | Aantal of N | Grade van vryheid = df | Minimumwaardes vir beduidenheid 5% grens | 1% grens |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0.03 | 135 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 2 | 1.2 | 135 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 3 | 3.55 | 135 | 2 | 5.991 | 7.824 |
| 4 | 7.80 | 135 | 2 | 5.991 | 7.824 |
| 5 | 22.36 | 135 | 4 | 9.488 | 13.277 |
| 6 | 6.62 | 135 | 3 | 7.814 | - |
| 7 | 9.36 | - | 4 | 9.488 | 13.277 |
| 8 | 6.64 | - | 4 | 9.488 | 13.277 |
| 9 | 0.41 | 135 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 10 | Hierdie | vraag | is nie | ontleed | nie. |
| 11 | 2.91 | 135 | 2 | 5.991 | 7.824 |
| 12 | 0.36 | 135 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 13 | 2.92 | 135 | 2 | 5.991 | 7.824 |
| 14 | 0.27 | 135 | 2 | 5.991 | 7.824 |
| 15 | 4.23 | 135 | 3 | 7.815 | - |
| 16 | 1.29 | 135 | 4 | 9.488 | 13.277 |
| 17 | 4.93 | 135 | 4 | 9.488 | 13.277 |
| 18 | 0.32 | 150 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 19 | 3.87 | 150 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 20 | 2.61 | 135 | 2 | 5.991 | 9.210 |
| 21 | 0.04 | 135 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 22 | 4.37 | 139 | 4 | 9.488 | 13.277 |
| 23 | 0.05 | 140 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 24 | 0.83 | 135 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 25 | 0.38 | 147 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 26 | 5.82 | 195 | 4 | 9.488 | 13.277 |
| 27 | 0.12 | 135 | 2 | 5.991 | 7.824 |
| 28 | 0.01 | 135 | 1 | 3.841 | 6.635 |
| 29 | 6.20 | 135 | 1 | 3.841 | 6.632 |
| 30 | 0.05 | 33 | 2 | 5.991 | 7.824 |
| 31 | 2.94 | 135 | 4 | 9.488 | 13.277 |

* Vraag 10 is uitgelaat.

Bespreking:

Die eerstejaarstudente is in twee groepe verdeel, naamlik 'n akademiese goed aangepaste en akademiese swak aangepaste groep.

Vrae 4, 5, 19 en 29 het beduidende verskille tussen die twee groepe aangetoon.

(f) (i) Vraag 4:

Hoe het jy tot dusver op skool gevaar? Die jaarlikse vordering op skool is baseer op 'n drieledige indeling t.w.

(aa) Een - of meermaal gedruip;
(bb) 'n Jaar vir elke standerd;
(cc) Een of meer standerds oorgeslaan.

Die skryfster vind 'n betekenisvolle verskil by die 5% sekerheidsgrens tussen die akademies goed en die akademies swak aangepaste groepe.[1] Indien 'n student een - of meermale op skool gedruip het, is die waarskynlikheid groot dat hy/sy nie goed sal aanpas by die universiteit nie.

Vraag 5:

Wat was jou gemiddelde persentasie gewoonlik in die Std. IX en X-eksamens.

Die gemiddelde persentasies is volgens 'n vyfpuntskaal ingedeel naamlik:

(aa) Bo 70%;
(bb) 60 - 70%;
(cc) 50 - 60%;
(dd) 40 - 50%;
(ee) onder 40%.

Die verskil ten opsigte van skoolprestasies tussen die akademies goed en die akademies swak aangepaste groepe is baie beduidend. Die akademies goed aangepaste groep het oorwegend hoër gemiddelde persentasies in die Std. IX en X-eksamens behaal as die akademies swak aangepaste groep.[2]

Vraag 19:

In watter van die volgende stel jy die meeste belang?

Hier is 150 antwoorde verstrek wat weer in kuns- en praktiese belangstellingsvelde verwerk is.[3] Kunsbelangstelling sluit belangstelling in letterkunde, musiek en skilderkuns in terwyl praktiese belangstelling, belangstelling in handewerk en wetenskap insluit.

Daar is 'n betekenisvolle verskil by die 5% sekerheidsgrens tussen die akademies goed en akademies swak aangepaste groepe ten opsigte van kunsbelangstelling en praktiese belangstelling soos hierbo omskryf.

---

1) Schlebusch, A.: a.w. pp. 61-63.
2) Kyk Schlebusch, A: a.w. pp. 63-65.
3) Schlebusch, A: a.w. pp. 81-84.

(f) (i) Vraag 29:

Is jou verskillende vakke nog dieselfde as die waarvoor jy oorspronklik ingeskryf het?

Daar is 'n betekenisvolle verskil by die 5% sekerheidsgrens tussen die akademies goed en akademies swak aangepaste groepe.[1)]

Dit wil dus voorkom asof dié studente wat goed aangepas het by die universiteit eers verskeie vakke geneem het voordat hulle 'n finale vakkeuse gedoen het en dus eers proefondervindelik vasgestel het vir watter vakke hulle aanleg en belangstelling het.

Let op:

Die skryfster het haar nie streng gehou by die 5% en 1% waardes vir 2 df. nie. Vergelyk ons haar waardes met dié in die tabel soos verstrek deur Freund, dan sien ons dat sy ten opsigte van die 2 df. afwyk.[2)] In al die ander gevalle het sy die Chi-kwadraatwaardes gelees onder kolomme $X^2.05$ en $X^2.01$ dog ten opsigte van waardes bereken vir twee grade van vryheid het sy egter kolomme $X^2.05$ en $X^2.02$ gelees.

(ii) Die ondersoek van Freislich.[3)]

Freislich het in sy ondersoek na die verband tussen belangstelling, keuse van studierigting en akademiese prestasiepeil van eerstejaarstudente ook van vraelyste gebruik gemaak. Wat vir ons egter van belang is, is sy bevindinge ten opsigte van dieselfde vraelys wat Schlebusch gebruik het. Hy het egter slegs die nege (9) vrae wat veral dui op belangstelling en keuse van studierigting ontleed. Die vrae wat hy ontleed het, is die volgende naamlik nommers 7, 8, 18, 19, 21, 25, 29, 30 en 31. Vir die doeleindes van sy ondersoek is die vrae numeries van 1 tot 9 gerangskik. In die onderstaande tabel word sy resultate aangetoon.

---

1) Schlebusch, A.: a.w. pp. 95-97.
2) Freund, J.E.: a.w. p.392.
3) Freislich, J.G.B.: a.w.

(f) (ii)

Tabel.[1)]

Chi-kwadraatwaardes wat by die verskillende vrae gevind is, die aantal persone wat antwoorde verstrek het en die beduidenheidswaardes.

| Vrae | Waardes van Chi-kwadraat | N | Minimum-waardes vir beduidenheid. 5%-grens. | 1%-grens. | df. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 10.829 | 303 | 12.592 | 16.812 | 6 |
| 2 | 9.266 | 302 | 15.507 | 20.090 | 8 |
| 3 | 16.107 * | 303 | 12.592 | 16.812 | 6 |
| 4 | 19.703 o | 303 | 12.592 | 16.812 | 6 |
| 5 | 1.450 | 301 | 9.488 | 13.277 | 4 |
| 6 | 0.301 | 296 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| 7 | 0.950 | 299 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| 8 | 0.726 | 76 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| 9 | 2.892 | 300 | 9.488 | 13.277 | 4 |

* beduidend op die 1% - waarskynlikheidsvlak.
o beduidend op die 5% - waarskynlikheidsvlak.

Uit die tabel blyk dit dat die Chi-kwadraatwaardes slegs vir twee vrae beduidend is, naamlik vir vraag 3 wat beduidend is op die 5% waarskynlikheidsvlak en vraag 4 wat beduidend is op die 1% - waarskynlikheidsvlak.

Die ondersoeker toon aan dat indien die persone wat A en E ten opsigte van vraag 3, saamgevoeg word en dié wat B, C en D geantwoord het, saamgevoeg word die verkreë waardes beduidend is op die 1% - sekerheidsvlak. Die volgende is dan die resultaat:
Waarde van verkreë Chi-kwadraatwaardes = 13.745;
N = 303 persone; df. of grade van vryheid = 3
terwyl die Chi-kwadraatwaarde op die 1% waarskynlikheidsvlak = 9.210.

(f) (iii) Hierdie ondersoek.

In hierdie ondersoek het ons van twee vraelyste gebruik gemaak. Eerstens is die 1953 groep, kyk na Hoofstuk II en III, benader deur middel van die vraelyste wat Schlebusch ook in haar opname gebruik van gemaak het. Slegs die B.A.- en Mediese groepe is volledig bespreek en om daardie rede is die gegewens slegs van toepassing op dié twee groepe.

Hoofstuk IV en verderaan berus in hoofsaak op 'n steekproef en 'n ander vraelys is aan hierdie studente uitgereik. Hierdie vraelys word breedvoeriger ontleed in die afdeling waarin die gevolgtrekkings van die groter ondersoek weergegee word.

1) Kyk Freislich, J.G.B.: a.w. pp. 62-64

(f) (iii) (aa) Die 1953-vraelys.

Die vraelys soos ontleed deur Schlebusch, is volledig ontleed behalwe ten opsigte van vraag 10 wat uitgelaat is. Daar dien op gelet te word dat hierdie vraelys besonder baie vrae bevat van 'n algemene aard. Dit het egter gelyk asof vrae oor herkoms (vraag 11), huidige woonplek van ouers of pleegouers (vraag 12), inwoning in 'n koshuis (vraag 14), die soort werk wat die meeste mense in die omgewing waar die student die laaste gewoon het verrig (vraag 16), die soort werk wat die vader doen of meestal gedoen het (vraag 17), deelname aan tydverdrywe (vraag 22) en die huidige woonplek van die student (vraag 27) die sterkste sosiologiese kleur dra. Verder volg dit logies dat dit ook in verband gebring kan word met die ondersoeke van Schlebusch en Freislich.

Hieronder volg 'n voorbeeld waarvolgens die Chi-kwadraatwaardes bereken is.

Voorbeeld:

'n Verspreiding is gemaak waarin die aantal persone wat 'n spesifieke antwoord op die vrae verstrek het, met die aantal vakke wat hulle geslaag het, vergelyk is. Die onderstaande tabel dien as voorbeeld om aan te toon hoedat ons te werk gegaan het. As voorbeeld neem ons 'n vraag, sê byvoorbeeld vraag 1 van die 1953-vraelys.

Vraag 1 lui soos volg:

Het jy 'n kleuterskool bygewoon, en indien wel, van hoe oud af?

Die studente kon nou sy/haar keuse uit die volgende moontlike antwoord maak:

A Ja, maar ouderdom onbekend;
B Van 2 of 3 jaar af;
C Van 4 jaar af;
D Van 5 jaar af;
E Glad nie.

Die verkreë antwoorde is toe in vergelyking met die akademiese prestasies van die studente gebring en in die onderstaande tabel opgeneem. (Elke vraag is só ontleed).

(f) (iii) (aa) Vraag 1.

| Aantal vakke geslaag | A | B | C | D | E | Totale. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | Antwoord gekies |
| 1 of 2 | | | | | | |
| 3, | | | | | | |
| 4 of meer | | | | | | |
| Totaal | | | | | | |

Die kolom: Aantal vakke geslaag val eintlik slegs uiteen in twee groepe naamlik 'n slaag- en druipgroep, Dit hang af van die vereiste aantal vakke wat 'n student in 'n bepaalde kursusgroep moet slaag om as 'n suksesvolle kandidaat beskou te kan word.

By die toepassing van die Chi-kwadraattoets gaan ons van 'n bepaalde nulhipotese (Ho) uit.

Byvoorbeeld: daar bestaan geen verskil ten opsigte van akademiese prestasies tussen die groepe wat ons vergelyk nie. Indien daar wel 'n verskil is moet dit bewys word dat dit 'n statisties-beduidende verskil is.

Die nul-hipotese toets ons dan by eén óf ander vooropgestelde waarskynlikheidsdrempel, gewoonlik $\frac{1}{20} = 0.05$ of 5%; óf $\frac{1}{100} = 0.01$ of 1%.

By die Chi-kwadraattoetse word sekere waargenome frekwensies vergelyk met verwagte frekwensies soos afgelei van die nulhipotese.

Die formule wat ons gebruik by die Chi-kwadraattoets is

$$X^2 = \leq \left( \frac{(fw - fv)^2}{fv} \right)$$

of

$$X^2 = \leq \left( \frac{(o - e)^2}{e} \right)$$

waar die sommering geskied oor al die frekwensies.

$X^2$ = Chi-kwadraat;

fw = o = Waargenome frekwensies;

fv = e = Verwagte frekwensies.

(f) (iii) (aa)

Die Chi-kwadraatwaardes wat by die verskillende vrae, naamlik vrae 11, 12, 14, 16, 17, ee en 27, (soos beantwoord deur die 1953 B.A.- en Mediese studente), gevind is; die aantal persone wat antwoorde verstrek het en die beduidenheidswaardes.

| Vrae | Waardes van Chi-kwadraat | N | Minimumwaardes vir beduidenheid 5% - grens | 1% - grens | df |
|---|---|---|---|---|---|
| 11 | 1.08 | 303 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 12 | 0.88 | 305 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 14 | 0.02 | 304 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 16 | 3.97 | 301 | 9.488 | 13.277 | 4 |
| 17 | 0.96 | 301 | 9.488 | 13.277 | 4 |
| 22 | 2.95 | 299 | 9.488 | 13.277 | 4 |
| 27 | 2.78 | 303 | 5.991 | 9.210 | 2 |

Nota:

Vraag 11 : D is teenoor A,B,C en E geplaas.
Vraag 12 : A is teenoor B,C,D en E geplaas.
Vraag 14 : A is teenoor B,C,D en E geplaas.
Vraag 16 : Die vyf indelings is apart gehou.
Vraag 17 : Die vyf werksoorte is ook apart gehou.
Vraag 22 : Die vyf soorte tydverdrywe is ook apart gehou.
Vraag 27 : A en B is saam gegroepeer; C, D, en E is saamgevat terwyl F alleen geplaas is. Drie verskillende groepe is aldus verkry.

Om e of fv te bereken gaan ons soos volg te werk, naamlik by L rye (horisontaal) en k kolomme (vertikaal) is.

$$e \text{ of } fv = \frac{\text{Kolomtotaal} \times \text{Ry-totaal}}{\text{Groottotaal.}}$$

Die aantal vryheidsgrade (df) word, in dié tipe ontleding, gegee deur die produk (L - 1) (K - 1)

Waar L = aantal rye.
Waar K = aantal kolomme.

Die verwagte aantal frekwensies moet vir elke sel bereken word.

Die som van die aantal verwagte frekwensies is natuurlik altyd gelykaan die groottotaal of die som van die waargenome frekwensies.

"One point which should be added about the use of the chi-square criterion, is that it can be used only if every expected cell frequency is at least equal to five. If it happens that one cell frequency is less than five, it will be necessary to combine cells in order to raise the expected cell frequency above the necessary minimum.

(f) (iii) (aa) Whenever this must be done, it is important to note that having thus reduced the number of cells, we have also lost a degree of freedom."[1]

By ons berekening het ons ons streng gehou volgens die reëls soos van toepassing.

(bb) <u>Die 1954 - vraelys</u>.

Die gegewens wat deur middel van hierdie vraelyste ingewin is, is vollediger in die hoofstuk waarin die algemene gevolgtrekkings bespreek word, behandel. In die onderstaande tabel word chi-kwadraatwaardes aangetoon ten opsigte van vrae soos aangetoon in die eerste kolom. (Die verklarings wat die vrae toelig volg direk na die tabel.)

1) Freund, J.E. : a.w. p. 302.

(f) (iii) (bb)

Die Chi-kwadraatwaardes wat by die verskillende vrae verkry is, die aantal persone wat antwoorde verstrek het en die beduidenheidswaardes.

| Vraag nommer | Verkreë Chi-kwadraat-waarde. | Aantal persone of N | Minimumwaardes vir beduidenheid 5% vlak | 1% vlak | Grade van vryheid of df |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 8.23 | 142 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 2 | 0.35 | 135 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 3 | 0.92 | 142 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| 4(i) | 5.69 | 142 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| (ii) | 1.13 | 142 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 5 | 9.13 | 140 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 6 | 2.63 | 142 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 7(i) | 0.74 | 142 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| (ii) | 0.29 | 142 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 8 | 0.16 | 130 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 9 | 0.54 | 139 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| 10 | 2.26 | 77 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| 11 | 3.88 | 129 | 7.815 | 11.341 | 3 |
| 12 | 1.71 | 142 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| 13 | 0.72 | 142 | 7.815 | 11.341 | 3 |
| 14 | 2.09 | 142 | 9.488 | 13.277 | 4 |
| 15 | 4.47 | 141 | 11.070 | 15.086 | 5 |
| 16 | 2.17 | 142 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| 17 | 8.83 | 142 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| 18(i) | 0.63 | 142 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| (ii) | 0.08 | 142 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 19 | 5.59 | 66 | 3.841 | 6.635 | 1 |
| 20 | 2.32 | 142 | 5.991 | 9.210 | 2 |
| 21 | 0.06 | 142 | 3.841 | 6.635 | 1 |

Ons verkreë chi-kwadraatwaardes is op die onderstaande vrae baseer. N of die aantal persone hang van die besondere klassifikasie van die betrokke vraag af.

Vraag 1.

Hier is geslagtelike verskille in aanmerking geneem en ons bevind 'n statisties beduidende verskil tussen die akademiese prestasies van eerstejaar mans en eerstejaar dames gedurende hulle eerstejaar aan die universiteit.

(f) (iii) (bb) Vraag 2.

Ons het hier die huistaal van die studente in aanmerking geneem. Hier is die groep met Afrikaans as huistaal en die groep Afrikaans/Engels as huistaal en 'n derde groep met Engels as huistaal onderskei. 'n Afrikaanssprekende groep en 'n groep wat as Engels/Albei geklassifiseer is, is aldus verkry. Volgens ons verkreë resultate kan ons sê dat dit wil voorkom asof die huistaal van die studente nie 'n wesenlike invloed uitoefen op hulle akademiese prestasies tydens hulle eerstejaar op universiteit nie.

Vraag 3.

Hier is die voertaal wat op skool gebruik is ter sprake. In dié verband kon ons drie groepe onderskei, naamlik, skole met Afrikaans as voertaal, skole met voertaal Engels en dubbel- of parallelmediumskole, dit wil sê skole waar albei landstale gebesig word. Statisties vind ons geen beduidende verskil tussen die drie groepe onderling nie.

Vraag 4.

By hierdie vraag het ons die tipe skole t.w. seunskole, meisieskole en gemengde skole dit wil sê, skole waarin seuns en meisies saam skoolgaan, onderskei. Die vraag is tweedelig ontleed, naamlik:

(i) aldrie tipe skole is afsonderlik teenoor akademiese prestasies gestel. Ons verkreë waarde is egter nie-beduidend.

(ii) Vervolgens is die drie groepe na twee herlei en dié groep studente afkomstig uit die sogenaamde gemengde skole, is vergelyk met die ander twee groepe (wat saam groepeer is) gesamentlik ten opsigte van eerstejaarsprestasies. Ons verkreë Chi-kwadraatwaarde was egter ook nie-beduidend.

Vraag 5.

Die klassertifikaat wat deur die studente behaal is in die matrikulasie-eksamen, is ook vergelyk met hulle akademiese prestasies tydens die eerstejaar op die universiteit.

(f) (iii) (bb) Vraag 5.

'n Eersteklasgroep en 'n groep waarin tweede- en derdeklasse saam gegroepeer is, is onderskei. Ons verkreë Chi-kwadraatwaarde is beduidend by die 1% waarskynlikheidsvlak. Studente wat in die eersteklas geslaag het in die matrikulasie-eksamen presteer beter in hulle eerstejaar op universiteit as studente wat 'n tweedeklas of derdeklas in die matrikulasie-eksamen behaal het.

Vraag 6.

Hier is die aantal leiersposisies wat 'n student op skool beklee het, vergelyk met sy/haar akademiese prestasies tydens die eerstejaar. Die aantal leiersposisies is in twee groepe verdeel naamlik, geen en een leiersposisie is saam groepeer en 'n groep waarin diegene ingedeel is wat twee en/of meer leiersposisies beklee het. Die verkreë waarde is egter nie-beduidend.

Vraag 7.

In hierdie vraag is die aantal deelnames aan sport en ander aktiwiteite tydens die skooljare vergelyk met die studente se akademiese prestasies tydens hulle eerstejaar op die universiteit.

(i) Die vraag is eerstens ontleed na aanleiding van deelname aan sportaktiwiteite op skool in vergelyking met eerstejaarsprestasies. Ons het nie 'n beduidende verskil verkry nie.

(ii) Vervolgens is deelname aan ander aktiwiteite (Sportaktiwiteite is hier uitgesluit) op skool vergelyk met akademiese prestasies tydens die eerstejaar op die universiteit. Die nie-deelnemers en die deelnemers aan een aktiwiteit is saam gegroepeer en die deelnemers aan twee en/of meer aktiwiteite is saamgesnoer. Ook hier is die verkreë waardes nie-beduidend.

Vraag 8.

Die woonplek van die studente tydens die matrikulasiejaar word hier in verband gebring met hulle akademiese prestasies. Twee groepe t.w. studente wat by hulle ouers gewoon het en studente wat in koshuise tuisgegaan het word onderskei. Die verkreë resultate is nie-beduidend.

(f) (iii) (bb) Vraag 9.

Die provinsie waarin die skool geleë was word hier vergelyk met die akademiese prestasies van die studente tydens hulle eerstejaar op die universiteit.

Slegs die studente uit die volgende drie provinsies naamlik: Transvaal, die Oranje Vrystaat en die Kaapprovinsie is in aanmerking geneem, aangesien hierdie drie provinsies die grootste aantal studente gelewer het. Daar bestaan egter nie 'n statisties beduidende verskil tussen die drie groepe onderling ten opsigte van akademiese prestasies nie.

Vraag 10.

Hier word die landelik-stedelike herkoms van die ouers vergelyk met die akademiese prestasies van die studente. Slegs ouers wat in die Transvaal die Oranje Vrystaat en Kaapland woonagtig was, is in aanmerking geneem. Ons verkreë resultaat is egter nie-beduidend ten opsigte van die landelike agtergrond van die ouers. Aangesien bykans alle studente uit stedelike gebiede in die Transvaal afkomstig was, kon die toets nie ten opsigte van die stedelike agtergrond toegepas word nie.

Vraag 11.

In hierdie vraag word die beroepe van die broodwinners vergelyk met die akademiese prestasies van die studente tydens hulle eerstejaar op die universiteit. Die professionele groep, klerklike groep, ambagsgroep en 'n groep wat as boere geklassifiseer is, is onderskei. Die verkreë verskil is nie statisties beduidend nie.

Vraag 12.

Hierdie vraag betrek die hoogste standerd wat deur die broodwinner op skool behaal is en die akademiese prestasies van die studente. Drie kategorieë is verkry deurdat een groep standerd VII en laere standerds insluit, 'n tweede groep sluit standerds VIII en IX in, terwyl die derde groep die matrikulante bevat. Die verkreë verskil is nie statisties beduidend nie.

(f) (iii) (bb) <u>Vraag 13</u>.

Die aantal afhanklikes in die gesinne waaruit die studente kom, word hier vergelyk met hulle eerstejaarsprestasies op die universiteit. Ons indeling val uiteen in vier groepe naamlik: gesinne met twee en/of drie afhanklikes; die groep met vier afhanklikes; die groep met vyf afhanklikes en laastens dié groep uit gesinne met ses en/of meer afhanklikes. Die statistiese resultaat is egter nie-beduidend.

<u>Vraag 14</u>.

Die inkomstegroepe van die gesinne waaruit die studente afkomstig is word hier vergelyk met hulle eerstejaar se akademiese prestasies. Vyf inkomstegroepe naamlik: £0-499; £500-999; £1000-1499; £1500-1999 en £2000 en meer, is onderskei. Die verkreë waarde is nie-beduidend.

<u>Vraag 15</u>.

Hierdie vraag betrek die posisie van die studente in hulle gesinne en dit is vergelyk met hulle akademiese prestasies tydens die eerste akademiese jaar. 'n Sesdelige indeling is gemaak naamlik: oudste kinders; jongstes; enigstes; tweedes; derdes en 'n groep wat as vierdes en/of hoër geklassifiseer is. Die verkreë Chi-kwadraatwaarde is nie-beduidend.

<u>Vraag 16</u>.

Die woonplek van die student tydens sy/haar eerstejaar op die universiteit vergelyk met sy/haar akademiese prestasies. Studente wat by hulle ouers en by familiebetrekkinge ingewoon het is saam gegroepeer. 'n Ander groep wat bestaan uit studente wat privaat loseer, op hul eie in kamers of woonstelle, in privaatlosieshuise ens. tuis gegaan het, is saamgestel. Die derde groep het dié studente wat in koshuise gewoon het ingesluit. Ons verkreë Chi-kwadraatwaarde vir die drie groepe is egter niebeduidend.

<u>Vraag 17</u>.

Hierdie vraag betrek die aantal kamermaats van die eerstejaarstudente. Die aanwesigheid van kamermaats word in verband gebring met die studente se behaalde sukses na afloop van die eerste akademiese jaar.

(f) (iii) (bb) Vraag 17.

Studente wat alleen in hulle kamers woonagtig is, studente met een kamermaat en studente met twee kamermaats, is die drie groepe wat ons onderskei het. Volgens ons verkreë resultate bestaan daar 'n beduidende verskil tussen die groepe onderling.

Vraag 18.

'n Student se deelname aan sport, kulturele en ander bedrywighede gereël deur verenigings, persone en/of liggame verbonde aan die universiteit word hier in verband gebring met hulle akademiese vordering, soos gemeet deur die eksamen. Eerstens is geen deelname teenoor deelname geplaas en vergelyk en tweedens is geen en/of een deelname teenoor twee en/of meer deelnames geplaas. In albei gevalle is die verkreë waardes niebeduidend.

Vraag 19.

Hier word die deelname van dagstudente aan sport, kulturele en ander bedrywighede gereël deur verenigings, persone en/of liggame nie verbonde aan die universiteit nie en hulle akademiese prestasies aangetoon. Die verkreë waarde is beduidend.

Vraag 20.

Die totale deelname van die eerstejaarstudente tydens hulle eerstejaar, alle soorte aktiwiteite ingesluit, word hier vergelyk met hulle akademiese prestasies. Nie-deelnemers; deelnemers aan een en/of twee aktiwiteite is onderskei. Ons verkreë waarde is egter nie-beduidend.

Vraag 21.

In hierdie vraag word die vryetydsbesteding in die een of ander vorm (aantal deelnames word aangetoon) vergelyk met die akademiese prestasies van die studente. Studente wat aan geen en/of een aktiwiteit deelgeneem het en studente wat twee en/of meer aktiwiteite beoefen het word hier onderskei. Die verkreë chi-kwadraatwaarde is nie-beduidend.

(g) Die 1955 - opname wat in hoofsaak die klem laat val op inwoningstoestande en/of probleme.

Inleiding.

Nadat die meeste gegewens met betrekking tot die 1953-1954 - ondersoek statisties ontleed is, is daar besluit om 'n intensiewe sosiologiese ondersoek in te stel na die inwoningstoestande van die eerstejaarstudente. Die navorsingspan was ook nog glad nie tevrede met die resultate wat bereik is op veral die opvoedkundige gebied nie. Die persoon belas met die opvoedkundige aspekte wou veral nog meer aandag skenk aan die skolastiese agtergrond van die studente aangesien 'n tegniek waarvolgens mens bepaalde voorspellingswaardes baseer op die werklike punte (skriftelike punte) behaal in die Transvaalse Skooleindeksamen, tot 'n groot mate 'n positiewe bydrae vermoedelik gelewer het. Daar is toe besluit om soveel eerstejaarstudente vanuit Transvaalse hoërskole in 1955 by die voorgestelde ondersoek in te sluit. Provinsiale herkoms na aanleiding van die woonplekke van die ouers sou nie in aanmerking geneem word nie aangesien die klem sou val op die matriekuitslae self soos verstrek deur die Transvaalse Onderwysdepartement.

Die resultate was gevolglik dat alle eerstejaarstudente wat in Transvaalse hoërskole matrikuleer het, se name en hulle skole se name afgeneem is. Hierna is hulle skriftelike matrikulasiepunte verwerk tot sogenaamde voorspellingspunte - punte wat so verwerk is dat ons verskillende vakke byvoorbeeld onderling met mekaar kon vergelyk, met ander woorde die matriekpunte vir elke afsonderlike vak is omskep in standaardpunte vir daardie vak.[1] Hierdie verwerkte punte stel ons dus instaat om studente onderling met mekaar te vergelyk.

Verder is die nuwe Suid-Afrikaanse Groepsverstandstoets ook op die studente toegepas. Aangesien die norme vir hierdie toets nog nie beskikbaar (is) was nie, is gevolglik van die roupunttellings gebruik gemaak. Op hierdie manier kon die intelligensiekwosiënte van die studente ook onderling vergelyk word.

Hierna is soos volg te werk gegaan: 'n korrelasievel is geneem en die studente se verspreiding is ten opsigte van voorspellingspunt, intelligensie puntetelling, geslag en verblyfplek aangetoon.

1) Gouws, D.J. die navorsingsbeampte belas met veral die suiwer opvoedkundige aspek van die groot projek, sal in 'n D.Phil.-tesis wat moontlik binnekort gaan verskyn, die prosedure, metodes e.d.m. volledig bespreek.

(g) Vier faktore is geneem en hiervolgens is die studente afgepaar sodat elke paar na aanleiding van genoemde faktore naastenby identies is. Die afparing het dus twee definitiewe groepe daargestel en dit het ons instaat gestel om 'n sogenaamde eksperimentele en kontrole groep te verkry. Neem ons egter die hele saak streng krities in oënskou dan sien ons dat ten opsigte van die eksperimentele groep daar weinig veranderinge aangebring kon word. Die eksperimentele groep kon alleenlik raad en leiding ontvang ten opsigte van studiemetodes, studiegewoontes en studietye, aangesien die studente nie van kursus of vakke kon verander tensy dit volgens die inrigting se regulasies geskied het nie. Wat betref die sosiologiese ondersoek, is ook geen veranderings aangebring nie - die inwoningstoestande is slegs ter plaatse ondersoek en dit is nou presies wat die 1955 ondersoek op berus. In soverre dit die kontrole groep aangaan, is hierdie groep met rus gelaat ten opsigte van enige moontlike bemoeiinge van die kant van die navorsingseenheid.

Die eksperimentele groep het aandag ontvang op die gebied van die onderrig, enkele sielkundige aspekte en die studente is besoek by hulle huise.

Hierdie hele ondersoek was dus nog op 'n suiwer eksperimentele basis gefundeer.

1. <u>Die woonplekke van die 1955 eerstejaarstudente tydens hulle eerstejaar op universiteit.</u>

Die samestelling van die 1955 groep volgens kursusgroepe en volgens hulle verblyfplekke soos afgelei vanaf hulle inskrywingskaarte.

| Kursusgroep | Klassifikasie van verblyfplekke. | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | Koshuis | Tuis | Loseer | Onbekend | |
| B.A. | 42 | 19 | 9 | 15 | 85 |
| B.Sc. | 29 | 18 | 8 | 6 | 61 |
| Medies | 16 | 13 | 17 | 4 | 50 |
| Totaal | 87 | 50 | 34 | 25 | 196 |

(g) (i) <u>Die B.A.-groep</u>:

(aa) Uit 'n totaal van 196 studente was 85 (ongeveer 43%) B.A.-studente.

(bb) 42 (ongeveer 49%) studente het in koshuise gewoon.

(cc) 19 (sowat 22%) studente het by hulle ouers gewoon.

(dd) 9 (ongeveer 11%) studente het loseer.

(ee) 15 (ongeveer 18%) studente kon nie opgespoor word nie aangesien meeste van hulle ten tye van hierdie ondersoek alreeds die universiteit verlaat het.

(g) 1.(ii) Die B.Sc.-groep.

(aa) Ongeveer 31% van die 196 studente het B.Sc.-kursusse gevolg.

(bb) 29 (ongeveer 48%) studente het in koshuise gewoon.

(cc) 18 (ongeveer 30%) studente het by hulle ouers tuis gegaan.

(dd) 8 (ongeveer 13%) studente het loseer.

(ee) 6 (ongeveer 10%) studente kon nie opgespoor word nie.

(iii) Die Mediese groep.

(aa) Ongeveer 26% studente het Mediese kursusse gevolg.

(bb) Ongeveer 32% studente het in koshuise tuis gegaan.

(cc) 13 (sowat 26%) studente het by hulle ouers gewoon.

(dd) Ongeveer 34% studente het loseer.

(ee) 4 (ongeveer 8%) studente kon nie opgespoor word nie.

(iv) Die Totale groep.

(aa) Uit 'n totaal van 196 studente uit Transvaalse Hoërskole het ongeveer 44% in koshuise tuis gegaan.

(bb) Ongeveer 26% studente het tuis by hulle ouers gewoon.

(cc) Ongeveer 17% studente het loseer.

(dd) 25 (ongeveer 13% studente kon nie opgespoor word nie ofskoon hulle wel ingeskryf het en gevolglik in die naamlyste opgeneem is.

(ee) Indien ons die 25 studente wat ons nie kon opspoor nie, weglaat dan is die samestelling van die groep na aanleiding van hulle woonplekke soos volg: 51% studente woon in koshuise; 29% woon by hulle ouers en sowat 20% studente loseer.

2. Die geslagtelike samestelling van die groep.

In die onderstaande tabel word die geslagtelike samestelling van die groep aangetoon.

Die geslagtelike samestelling van die 1955-groep.

| Kursusgroep | Manlik | Vroulik | Totaal |
|---|---|---|---|
| B.A. | 33 | 37 | 70 |
| B.Sc. | 40 | 15 | 55 |
| Medies | 42 | 4 | 46 |
| Totaal | 115 | 56 | 171 |

(g) 2. (i) Die B.A.-groep.

(aa) Die geslagtelike samestelling van die B.A.-groep laat blyk dat daar sowat 47% manstudente is teenoor ongeveer 53% damestudente.

(bb) Meer dames as mans volg dus B.A.-kursusse.

(ii) Die B.Sc.-groep.

(aa) Sowat 73% mans teenoor ongeveer 27% dames, volg B.Sc.-kursusse.

(bb) Baie meer mans as dames volg dus B.Sc.-kursusse.

(iii) Die Mediese groep.

(aa) Die geslagtelike samestelling van dié Mediese groep laat blyk dat sowat 91% en 9% mans en dames onderskeidelik hierdie kursusgroepe volg.

(bb) Slegs 'n baie geringe persentasie dames volg Mediese kursusse.

(iv) Die Totale groep.

(aa) Uit 'n totaal van 171 studente uit Transvaalse hoërskole is ongeveer 67% mans en 33% dames.

(bb) Meer mans as dames word aangetref op universiteit, veral wat betref dié groep studente uit Transvaalse Hoërskole.

3. 'n Ontleding van die verblyfplekke van die studente.

Daar is vroeër aangetoon dat die studente in drie groot groepe uiteenval naamlik, studente wat by hulle ouers woon, studente wat loseer en studente wat in koshuise tuis gaan. Dit het egter aan die lig gekom dat baie studente in koshuise van die plaaslike Onderwyskollege gehuisves word, veral wat betref die B.A.- en B.Sc.-kursusgroepe met ander woorde ons het eintlik twee groepe koshuisstudente en verder is daar ook nog twee groepe dagstudente nl, diegene wat by hulle ouers woon en die groep wat loseer. In die onderstaande tabel word hierdie vier groepe aangetoon.

Die verblyfplekke van die studente tydens hulle eerstejaar op universiteit.

| Kursusgroep | Tuis | Loseer | Univ. Koshuis | Norm.Koshuis | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| B.A. | 21 | 11 | 11 | 27 | 70 |
| B.Sc. | 18 | 8 | 10 | 19 | 55 |
| Medies | 12 | 20 | 14 | 0 | 46 |
| Totaal | 51 | 39 | 35 | 46 | 171 |

295/ ...

(g) 3. (aa) Die Dagstudente.

Hier kan ons twee definitiewe groepe studente onderskei, naamlik, 'n groep wat tuis by hulle ouers woon en 'n groep wat loseer.

(1) Die B.A.-groep.

(i) Uit 'n totaal van 70 studente het ongeveer 30% by hulle ouers gewoon.

(ii) Sowat 16% B.A.-studente het loseer.

(iii) Ongeveer 46% B.A.-studente was dagstudente.

(2) Die B.Sc.-groep.

(i) Daar was ongeveer 33% B.Sc.-studente wat by hulle ouers gewoon het.

(ii) Sowat 15% B.Sc.-studente het loseer.

(iii) So ongeveer 47% - 48% B.Sc.-studente was dagstudente.

(3) Die Mediese groep.

(i) Uit 'n totaal van 46 studente wat Mediese kursusgroepe gevolg het was sowat 26% studente by hulle ouers woonagtig.

(ii) Ongeveer 43% studente het loseer.

(iii) Sowat 69% - 70% studente wat Mediese kursusgroepe gevolg het, was dagstudente.

(4) Die Totale groep.

(i) Uit 'n totaal van 171 studente was ongeveer 53% studente dagstudente.

(ii) Van die totale groep was ongeveer 30% by hulle ouers woonagtig.

(iii) Ongeveer 23% studente het loseer.

(iv) Bietjie meer as die helfte van die totale groep studente was dagstudente.

(v) Die Onderwyskollegetehuise het ongeveer 27% studente gehuisves, teenoor 20% studente in koshuise van die universiteit.

(bb) Die Koshuisstudente.

Ten opsigte van die koshuisstudente kan ons met betrekking tot die B.A.- en B.Sc. groepe ook nog onderskei tussen 'n groep studente wat in universiteitskoshuise tuisgaan en 'n groep wat in tehuise van die plaaslike Onderwyskollege woonagtig is.
Die Mediese groep word slegs in universiteitstehuise gehuisves.

(g) 3. (bb) (1) Die B.A.-groep.

(i) Uit 'n totaal van 70 B.A.-studente het ongeveer 16% studente in universiteitskoshuise gewoon.

(ii) Ongeveer 39% B.A.-studente was in Normaalkollegetehuise gehuisves.

(iii) Sowat 54% - 55% B.A.-studente het in koshuise tuis gegaan.

(2) Die B.Sc.-groep.

(i) Uit 'n totaal van 55 B.Sc.-studente het so naastenby 18% in universiteitstehuise gewoon.

(ii) Ongeveer 35% B.Sc.-studente was in koshuise van die Onderwyskollege gehuisves.

(iii) Omtrent 53% B.Sc.-studente was in koshuise woonagtig.

(3) Die Mediese groep.

(i) Uit 'n totaal van 46 Mediese studente was ongeveer 30% in koshuise woonagtig.

(ii) Al die koshuisstudente was in universiteitskoshuise tuis.

(4) Die Totale groep.

(i) Uit 'n totaal van 171 studente was ongeveer 47% studente in koshuise tuis.

(ii) Ongeveer 27% studente was in koshuise van die Onderwyskollege tuis.

(iii) Sowat 20% studente het in universiteitstehuise gewoon.

(iv) Ietwat minder as die helfte van die totale groep studente was in koshuise tuis.

(v) Daar was meer studente in koshuise van die Onderwyskollege tuis as in universiteitstehuise.

(cc) Die dagstudente en koshuisstudente gesamentlik.

(i) Sowat 53% studente was dagstudente.

(ii) Ongeveer 47% studente het in koshuise gewoon.

(iii) Sowat 30% studente het by hulle ouers gewoon.

(iv) Ongeveer 23% studente het loseer.

(v) Daar was ongeveer 20% studente in universiteitskoshuise gehuisves.

(g) 3. (cc) (vi) Ongeveer 27% studente was in koshuise verbonde aan die Onderwyskollege woonagtig.

(vii) Ons bemerk dat in geval van die dagstudente sowat 57% studente by hulle ouers gewoon het en die res, naamlik, 43% het loseer.

(viii) Van die 81 koshuisstudente het sowat 43% in Universiteitskoshuise tuis gegaan terwyl die res, naamlik, 57% in koshuise van die Onderwyskollege gehuisves was.

4. Die aanwesigheid van kamermaats.

Die ondersoeker het die aanwesigheid van kamermaats ondersoek en die volgende tabelle kon saamgestel word ten opsigte van elke kursusgroep.

Die aanwesigheid van kamermaats tydens die eerstejaar op Universiteit.

| Kursusgroep | Aantal kamermaats. | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | |
| B.A. | 26 | 36 | 7 | 1 | 70 |
| B.Sc. | 20 | 31 | 4 | 0 | 55 |
| Medies | 19 | 22 | 3 | 2 | 46 |
| Totaal | 65 | 89 | 14 | 3 | 171 |

(aa) Die B.A.-groep.

(i) Sowat 37% B.A.-studente het geen kamermaats gehad nie.

(ii) Ongeveer 51% studente het elk 'n kamermaat gehad.

(iii) Ongeveer 10% het twee kamermaats gehad.

(iv) Sowat 1% studente het drie kamermaats gehad.

(v) Die grootste groep B.A.-studente het elk 'n kamermaat gehad.

(bb) Die B.Sc.-groep.

(i) Ongeveer 36% studente het alleen gewoon.

(ii) Sowat 56% studente het elk 'n kamermaat gehad.

(iii) Slegs sowat 7% studente het twee kamermaats gehad.

(iv) In die B.Sc.-groep was daar geen studente wat meer as twee kamermaats gehad het nie.

(v) Die meeste B.Sc.-studente het elk 'n kamermaat gehad.

(g) 4. (cc) Die Mediese groep.

(i) Ongeveer 41% studente van die Mediese groep het alleen gebly.

(ii) Sowat 48% studente het elk 'n kamermaat gehad.

(iii) Sowat 7% studente het elk twee kamermaats gehad.

(iv) Daar was slegs sowat 4% studente wat meer as twee kamermaats gehad het.

(v) Die grootste groep Mediese studente het elk 'n kamermaat gehad, naamlik, sowat 48% van dié groep.

(dd) Die Totale groep.

(i) Uit 'n totaal van 171 studente het ongeveer 38% alleen gebly.

(ii) Ongeveer 52% studente het elk 'n kamermaat gehad.

(iii) Sowat 8% studente het saam met twee kamermaats gewoon.

(iv) Slegs sowat 2% studente het elk drie kamermaats gehad.

(v) Die meeste studente, naamlik, sowat 52% het elk 'n kamermaat gehad.

5. Die afstand wat die studente vanaf die universiteit gewoon het en die redes waarom hulle daar gewoon het.

Die ondersoeker het vasgestel dat slegs 'n paar studente redelik vér vanaf die universiteit loseer het, meeste studente wat verder as vier myl vanaf die universiteit woonagtig was, het by hulle ouers gewoon. In die onderstaande tabelle word die afstand vanaf die universiteit in myle (naastenby) aangetoon, asook die redes waarom die studente daar woon. Slegs dagstudente word in aanmerking geneem en die redes is in hoofsaak gereduseer tot (a) woon tuis by ouers en (b) loseer. Die ondersoeker het veral aandag geskenk aan die redes waarom studente, veral loseerders, aangesien hulle uit vrye keuse op 'n bepaalde plek woonagtig was, op bepaalde plekke gewoon het.

(aa) Die B.A.-groep.

Ten opsigte van bogenoemde faktore is die onderstaande tabel saamgestel.

(g) 5. (aa)

Die afstand (in myle, naastenby), wat die studente vanaf die universiteit gewoon het en die rede(s) waarom hulle daar gebly het.

| Kursus-groep: | Rede(s) waarom die studente daar woonagtig is. | Afstand (in myle naastenby) vanaf die universiteit. | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 0-2myl | 2-4 myl | 4+ myl | |
| Medies | Woon by ouers | 3 | 4 | 5 | 12 |
| | Loseer | 14 | 6 | 0 | 20 |
| Totaal | | 17 | 10 | 5 | 32 |

(1) <u>0-2 myl vanaf die universiteit woonagtig.</u>

(i) Van die 32 B.A. dagstudente het ongeveer 41% binne 'n straal van twee myl vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Sowat 54% van dié groep het by hulle ouers gewoon terwyl die res, naamlik, 26% loseer het.

(iii) Ten opsigte van die redes waarom die student binne hierdie straal woonagtig is, kan ons sê dat met betrekking tot die B.A.-dagstudente, meer studente tuis woonagtig is, as wat daar loseerders is. Die verskil is egter besonder klein naamlik 7 teenoor 6 studente.

(2) <u>2-4 myl vanaf die universiteit woonagtig.</u>

(i) Ongeveer 37%- 38% van die B.A.-dagstudente het tussen 2 - 4 myl vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Ongeveer 75% studente uit hierdie groep het by hulle ouers gewoon en die res het loseer.

(iii) Die meeste studente uit hierdie groep het by hulle ouers gewoon.

(3) <u>4 en/of meer myle vanaf die universiteit woonagtig.</u>

(i) Slegs sowat 22% van die B.A.-dagstudente het vier myl of verder vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Die grootste groep naamlik ongeveer 71% het by hulle ouers gewoon en die res het loseer. Interessant is die feit dat slegs twee studente loseer het en dat die een by 'n suster-hulle en die ander by 'n suster-hulle loseer het.

(4) <u>Gevolgtrekkings.</u>

(i) Die meeste B.A.-dagstudente het binne 'n straal van vier myl vanaf die universiteit gewoon.

(g) 5. (aa) (4) (ii) Meer studente wat vér vanaf die universiteit woon, bly by hulle ouers as wat daar studente is wat loseer.

(iii) Dit lyk asof studente wat loseer verkies om ná aan die universiteit te woon.

(iv) Ongeveer 78% B.A.-dagstudente het binne vier myl vanaf die universiteit gewoon.

(bb) Die B.Sc.-groep.

Hierdie groep word ook nes die B.A.-groep ontleed ten opsigte van afstand vanaf die universiteit en die rede(s) waarom die studente daar woonagtig is. In die onderstaande tabel word genoemde faktore aangetoon.

Die afstand (in myle, naastenby), wat die studente vanaf die universiteit gewoon het en die rede(s) waarom hulle daar gebly het.

| Kursus-groep. | Rede(s) waarom die student daar woonagtig is. | Afstand (in myle naastenby) vanaf die Universiteit. | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 0-2 myl | 2-4 myl | 4+ myl | |
| B.Sc. | Woon by ouers | 5 | 7 | 6 | 18 |
| | Loseer | 6 | 2 | 0 | 8 |
| Totaal | | 11 | 9 | 6 | 26 |

(1) 0-2 myl vanaf die universiteit woonagtig.

(i) Sowat 42% dagstudente van die B.Sc.-groep het binne twee myl vanaf die universiteit gewoon.

(ii) So ongeveer 45% studente het by hulle ouers gewoon terwyl die res loseer het.

(iii) 5 en 6 studente het onderskeidelik by hulle ouers gewoon en loseer. Die verskil tussen die twee groepe is besonder klein.

(2) 2-4 myl vanaf die universiteit woonagtig.

(i) Ongeveer 35% B.Sc.-dagstudente het binne 'n straal van twee myl vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Sowat 78% van hulle het by hulle ouers gewoon terwyl die res loseer het.

(iii) Uit 'n totaal van nege studente het sewe by hulle ouers gewoon.

(g) 5. (bb) (3) 4 en/of meer myle vanaf die universiteit woonagtig.

(i) Uit 'n totaal van 26 B.Sc.-dagstudente het sowat 23% studente vier en/of meer myle vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Daar was ses studente in hierdie groep en almal het by hulle ouers gewoon.

(iii) Die B.Sc.-dagstudente wat loseer het, dus almal nader as vier myl vanaf die universiteit gewoon.

(4) Gevolgtrekkings.

(i) Die meeste B.Sc.-dagstudente het binne 'n straal van vier myl vanaf die universiteit gewoon, naamlik sowat 77%.

(ii) Dié studente wat vier en/of meer myle vanaf die universiteit gewoon het, het almal by hulle ouers gewoon.

(iii) Studente wat loseer verkies om só na as moontlik aan die universiteit te woon.

(cc) Die Mediese groep.

Hierdie kursusgroep word ook net soos in die geval van die B.A.- en B.Sc.-groepe ontleed. In die onderstaande tabel word dié kursusgroep se gegewens saamgevat.

Die afstand (in myle naastenby), wat die studente van die universiteit gewoon het en die redes waarom hulle daar gebly het.

| Kursus-groep. | Rede(s) waarom die student daar woonagtig is. | Afstand (in myle naastenby) vanaf die universiteit. | | | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 0-2 myl | 2-4 myl | 4+ myl | |
| Medies | Woon by ouers | 3 | 4 | 5 | 12 |
| | Loseer | 14 | 6 | 0 | 20 |
| Totaal | | 17 | 10 | 5 | 32 |

(1) 0-2 myl vanaf die universiteit woonagtig.

(i) Ongeveer 53% dagstudente van die Mediese kursusgroep het binne twee myl vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Sowat 18% van die studente het by hulle ouers gewoon.

(iii) Die res van die studente, sowat 82%, het loseer.

(g) 5. (cc) (2) <u>2-4 myl vanaf die universiteit woonagtig.</u>

(i) So ongeveer 31% studente het tussen twee en vier myl vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Ongeveer 40% studente wat tussen twee en vier myl vanaf die universiteit gewoon het, het by hulle ouers gewoon.

(iii) Sowat 60% van dié groep studente het loseer.

(3) <u>4 en/of meer myle vanaf die universiteit woonagtig.</u>

(i) Ongeveer 16% dagstudente uit die Mediese kursusgroep het vier en/of meer myle vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Al vyf studente het by hulle ouers gewoon.

(4) <u>Gevolgtrekkings.</u>

(i) Die meeste dagstudente uit die Mediese groep naamlik, 84% naastenby, het binne 'n straal van vier myl vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Studente wat vier en/of meer myle vanaf die universiteit gewoon het, het almal by hulle ouers tuis gegaan.

(iii) Oënskynlik verkies dagstudente wat loseer om só ná as moontlik aan die universiteit te woon.

(dd) <u>Die Totale groep.</u>

In die onderstaande tabel word die volgende aangetoon, naamlik: die afstand wat die studente vanaf die universiteit gewoon het en die rede(s) waarom hulle daar gebly het.

Die afstand (in myle, naastenby), wat die studente vanaf die universiteit gewoon het en die rede(s) waarom hulle daar gebly het.

| Kursus-groep. | Rede(s) waarom die studente daar woonagtig is. | Afstand(in myle naastenby) vanaf die universiteit. | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 0-2 myl | 2-4 myl | 4+ myl | |
| B.A. | Woon by ouers | 15 | 20 | 16 | 51 |
| B.Sc. | Loseer | 26 | 11 | 2 | 39 |
| Medies | | | | | |
| Totaal | | 41 | 31 | 18 | 90 |

(g) 5. (dd) (1) <u>0-2 myl vanaf die universiteit woonagtig</u>.

(i) Uit 'n totaal van 90 studente het ongeveer 46% binne 'n straal van twee myl vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Ongeveer 37% dagstudente wat tussen 0-2 myl vanaf die universiteit gewoon het, het by hulle ouers gewoon.

(iii) Sowat 63% dagstudente wat binne 'n straal van twee myl vanaf die universiteit gewoon het, het loseer.

(iv) Die grootste groep studente in dié groep het dus loseer.

(2) <u>2-4 myl vanaf die universiteit woonagtig</u>.

(i) So ongeveer 34% dagstudente het tussen twee en vier myl vanaf die universiteit gewoon.

(ii) 65% van die 34% studente het by hulle ouers gewoon.

(iii) Daar was ongeveer 35% dagstudente in hierdie groep wat loseer het.

(iv) Die meeste studente wat tussen twee en vier myl vanaf die universiteit woonagtig was, het by hulle ouers gewoon.

(3) <u>4 en/of meer myle vanaf die universiteit woonagtig</u>.

(i) Uit 'n totaal van 90 dagstudente het sowat 20% vier en/of meer myle vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Ongeveer 89% van hierdie dagstudente het by hulle ouers tuis gegaan.

(iii) Slegs 2 (ongeveer 11%) dagstudente het vier en/of meer myle vanaf die universiteit gewoon. Die eén student het by 'n oom en die ander by 'n suster loseer.

(iv) Die grootste persentasie dagstudente (ongeveer 89%) wat vier en/of meer myle vanaf die universiteit woonagtig was, het by hulle ouers gewoon.

(4) <u>Gevolgtrekkings</u>.

(i) Die meeste dagstudente het binne 'n straal van twee myl vanaf die universiteit gewoon.

(ii) Ongeveer 80% dagstudente het binne 'n straal van vier myl vanaf die universiteit gewoon.

(g) 5. (dd) (4) (iii) Uit 'n totaal van 90 dagstudente het sowat 57% studente by hulle ouers gewoon en die res het loseer.

(iv) Die meeste studente wat vier en/of meer myle vanaf die universiteit gewoon het, het by hulle ouers gewoon.

(v) Die twee studente wat vier en/of meer myle vanaf die universiteit loseer het, het om baie duidelike redes daar gewoon, naamlik, die eén het by 'n oom-hulle en die ander by 'n suster-hulle gewoon.

(vi) Die meeste dagstudente wat loseer het, het só na as moontlik aan die universiteit probeer huisvesting bekom.

6. Die omgewings waarin die verblyfplekke van die studente geleë was.

Oor die algemeen het die oorgrote meerderheid studente in goeie woonbuurtes gewoon. Dit was gou duidelik dat die studente verkies het om so na as moontlik aan die universiteit te woon, veral wat betref dié studente wat loseer het. Studente wat tuis by hulle ouers gewoon het was ietwat meer verspreid, dog die meeste van hulle het ook uit goeie omgewings gekom. Slegs enkele studente het uit werkersbuurtes gekom, dog die huise waaruit hulle afkomstig is, weerspieël werklik goeie stedelike Afrikaanse gesinne.

Die ondersoeker het tot die gevolgtrekking geraak dat die studente oor die algemeen uit gunstige omgewings afkomstig is. Ongeveer vier of vyf studente het in stadsgebiede gewoon wat taamlik woelig is dog dit is sterk te betwyfel of hierdie gebiede op sigself 'n nadelige invloed op die studente se akademiese prestasies kon hê. Drie studente, wat ook redelik vér vanaf die universiteit gewoon het, het in stil landelike gebiede gewoon.

7. Die voorkoms van die huise waarin die studente woonagtig was.

Dit wil voorkom asof die studente wat loseer oor die algemeen taamlik diskriminerend optree en redelik goeie wonings probeer betrek. Hoogstens tien dagstudente wat loseer het, het in plekke wat na die mening van die ondersoeker as swak tipeer kon word, gewoon. Hulle redes was sonder uitsondering die nabyheid aan die

(g) 7. universiteit en die finansiële sy, aangesien eienaars van en verwaarloosde huise besef dat hulle nie dieselfde tarief kan toepas as eienaars van moderner plekke nie. Drie huise het veral uiters swak voorgekom: oud, verwaarloos, slordig, taamlik vuil, donker en bepaald ongeskik om studente in te huisves.

Die studente wat by hulle ouers tuis was, het oor die algemeen uit goeie huise gekom, veral wat die voorkoms van die geboue betref. Slegs een student het uit 'n swakkerige woning, fisies gesproke, gekom.

Dit wil voorkom asof studente gesteld is op die voorkoms van die wonings waarin hulle loseer of tuis gaan.

8. <u>Die toestand van die kamers waarin die studente gebly het</u>.

Die meeste kamers het in 'n goeie toestand verkeer. Enkele studente was in swak kamers gehuisves. Een student het in 'n klein vertrekkie, dit was glo eers 'n spens, gewoon - beweegruimte in hierdie kamertjie was beperk tot 'n oppervlakte van sowat vyftien vierkante voet. 'n Ander student wat by sy ouers woonagtig was, was in 'n klein vertrekkie, 'n hokkie wat afgeskort is van die kombuis af, gehuisves.

Die ondersoeker het tot die gevolgtrekking geraak dat dit uiters ongewens is om meer as twee studente per kamer te huisves. Daar is veral aanpassingprobleme indien die studente verskillende kursusse volg.

Enkele koshuise behoort onmiddellik 'n beleid te volg wat sal voorkom dat drie en/of meer studente saam in een vertrek gehuisves word.

9. <u>Die meubels in die kamers van die studente</u>.

Studente beskou 'n goeie bed, nie noodwendig een met 'n sagte matras nie, 'n tafeltjie en 'n stoel as die noodsaaklikste meubels. Hierdie meubels is dan ook aanwesig in alle kamers van studente wat loseer het. Die dagstudente wat by hulle ouers tuis was, het in die meeste gevalle ook verkies om 'n tafeltjie en stoel in hulle kamers vir studiedoeleindes te hê. 'n Studeerdery in 'n ander vertrek het gewoonlik moeilikhede opgelewer veral as daar kuiergaste is e.d.m.

Die meubels hoewel soms alreeds baie oud, is feitelik deurgaans heeltemal geskik en toereikend vir studie-doeleindes.

(g) 9. Dit is gewens dat elke student oor 'n eie tafeltjie behoort te beskik, asook oor 'n goeie leeslamp. In gevalle waar 'n tafel besonder groot is, ten minste twaalf of meer vierkante voet, kan twee studente saam studeer mits hulle albei dit goedkeur.

Baie studente, ongeveer 40% - 50% het oor radios beskik. Die student wat loseer verkies om 'n radio te besit hoofsaaklik vir die gesellige atmosfeer.

10. Die etes wat aan die studente verskaf word.

Studente wat by hulle ouers woon is die beste daaraan toe en geeneen van hulle het rede tot klagte gehad nie.

So ongeveer 10% - 15% dagstudente wat loseer het, het geklae oor die etes wat aan hulle voorgesit word.

Omtrent 5% wat loseer het, het van eetplekke verwissel dog hulle was tevrede met hulle verblyfplekke, d.w.s. die kamers wat hulle gehuur het.

Dit het voorgekom uit dié ondersoek dat daar bepaald 'n behoefte bestaan ten opsigte van eetgeriewe vir studente, veral in die nabyheid van die universiteit. Hierdie saak behoort deeglik en wetenskaplik ondersoek te word aangesien baie mense in die omgewing van die universiteit kamers verhuur dog nie etes aan die studente verskaf nie. In die onmiddellike omgewing van die universiteit d.w.s. binne 'n driekwartmylstraal vanaf die universiteit, is slegs sowat vier losieshuise wat etes aan studente voorsien.

11. Die losies oor die algemeen waarmee eerstejaarstudente kennis gemaak het.

(i) Die kamers en meubels.

Slegs 'n klein persentasie eerstejaarstudente het in swakkerige kamers gewoon en oor swak meubels beskik. Die meeste kamers was na die mening van die ondersoeker heeltemal geskik en die meubels was ook deurgaans op 'n paar uitsonderings na, eersteklas.

Elke student behoort sy eie tafeltjie en stoel te hê en ook oor sy eie leeslamp beskik.

(ii) Kamermaats.

Studente behoort twee-twee saam te woon aangesien die aanwesigheid van 'n kamermaat stimulerend inwerk. Té veel kamermaats ontlok 'n gees van losbandigheid en indien studente kursusse neem wat verskillend is en nie in dieselfde tydperk

(g) 11. (ii) toetse aflê nie, werk dit ook nadelig in op die studente.

Kamermaats behoort ook in dieselfde studiejaar te wees. Dit het verder aan die lig gekom dat studente self tot 'n groot mate selekteer wat betref kamermaats.

(iii) Losiestariewe.

Die studente betaal meestal tussen £10-£12 per maand aan losies. Tariewe in die onmiddellike omgewing van die universiteit is ietwat hoër as verder weg.

(iv) Wasserygeriewe.

Daar bestaan geen eenvormigheid met betrekking tot wasserygeriewe vir die studente nie. Studente in koshuise, dagstudente wat tuis woon en studente wat volle losies bekom, het oor die algemeen nie probleme nie. Dié studente wat 'n kamer huur en op ander plekke eet, moet in die meeste gevalle ook hulle klere en beddegoed op 'n ander plek laat was en stryk. Wasserygeriewe vir hierdie studente laat veel te wense oor: Meeste van hulle moet wasmeide huur wat dan die wasgoed in die lokasies onder buitengewoon onhigiëniese toestande bewerk; - dit is die goedkoopste uitweg, so nie kan die studente indien hulle dit kan bekostig hulle wasgoed na wasserye stuur en die goedkoopste wassery is dié van 'n Indiër en hy het dan ook honderde studente kliënte.

12. Beheer wat oor die studente uitgeoefen word tydens die eerstejaar op universiteit.

Die ondersoek het aan die lig gebring dat die koshuisstudente redelik goed beheer word. Ofskoon die universiteitstehuise elk hulle eie reëls het kom die reëls hoofsaaklik in breë trekke ooreen. Die reëls van die koshuise van die Onderwyskollege bestaan in geskrewe vorm en toon 'n sterk ooreenkoms met dié ongeskrewe reëls van die universiteit (kyk ook na die afskrif van hierdie reëls t.o.v. manstudente).

Dagstudente wat by hulle ouers woon staan oor die algemeen onder strenger beheer as loseerders. Die ouer verwag dat die student moet studeer en dit is geen ongewone reëling om te hoor dat die student slegs oor naweke mag uitgaan nie.

(g) 12. Baie ouers verbied selfs hulle kinders om aan té veel aktiwiteite deel te neem aangesien hulle bang is dat die deelname die student se studies nadelig mag beïnvloed.

Meer as 90% dagstudente wat loseer het hulle eie bedenkinge gekoester oor die gebrek aan beheer oor hulle studies en oor hulle verblyf. Dit het geblyk dat die studente 'n behoefte aan beheer voel. Die meeste van hulle dra geen of weinig kennis van universiteitsaangeleenthede en gevolglik weet hulle nie presies waar en wanneer hulle moet briek aandraai nie. Die huismense by wie die studente loseer, wil ook nie graag teregwys of inmeng nie aangesien die student dan sommer baie maklik mag trek en om hierdie moontlikheid uit te skakel laat hulle maar die studente aan hulself oor. Meeste studente is té onryp om selfdissipline toe te pas, en die maklikste weg word dan gerieflikheidshalwe sondermeer gevolg.

Hierdie aspek verdien opsigself 'n volledige wetenskaplike ontleding.

13. Die aanwesigheid van ander studente en/of vriende.

Slegs sowat drie studente het vér vanaf die universiteit gewoon en nie studente vriende ná aan hulle woonplekke gehad nie. Dit het spoedig geblyk dat baie min studente, veral eerstejaarstudente, senior studente raadpleeg in verband met hulle studies. Die vernaamste rede vir hierdie toedrag van sake is die feit dat die studentegemeenskap in definitiewe groepe ingedeel kan word en dat dit 'n gebruik is dat juniorstudente hulself op 'n afstand behoort te hou en nie te vrypostig moet raak met die ouer studente nie.

'n Mens tref die toestand aan dat eerstejaarstudente gewoonlik saam groepeer - natuurlik ook omdat hulle gemeenskaplike probleme het ens. Die meeste studente het vriende en/of ander vriende in hulle onmiddellike omgewings na wie hulle kan gaan met universiteitsprobleme, indien hulle oor die nodige vrymoedigheid beskik. 'n Groot groep studente sal alleenlik as die nood erg druk, raad gaan soek; so nie sal hulle self 'n oplossing probeer vind.

(g) 14. Deelname aan universiteitsaktiwiteite.

Die meeste studente gooi hulle gewig in by klubs, verenigings en organisasies wat aktiwiteite reël vir universiteitstudente. Dagstudente wat by hulle ouers woon neem tot 'n mate deel aan aktiwiteite wat deur organisasies en/of persone buite universiteitsverband gereël word.

Dit wil voorkom asof studente nie maklik aansluit by verenigings wat hoofsaaklik deur seniorstudente beheer word nie.

15. Enkele voorstelle wat aan die hand gedoen is deur die studente.

Die voorstelle kan in twee groepe ingedeel word, naamlik dié afkomstig vanaf studente in koshuise en dié afkomstig vanaf dagstudente.

(i) Koshuisstudente.

As groep het die koshuisstudente die meeste klagtes gehad dog hulle het ook met die minste voorstelle voor die dag gekom.

'n Groot groep het beswaar aangeteken teen die stelsel waarvolgens die losieskontrak funksioneer. Die feit dat die losieskontrak vir die akademiese jaar geldig is, vind nie groot byval nie. Indien die kontrak maandeliks is, so reken die studente, sal die behandeling wat hulle ontvang, veral ten opsigte van die kos, heelwat beter wees. Studente wat in kamers woonagtig is waarin drie of vier studente bly, het gevoel dat dit 'n té groot inwonertal per vertrek is.

In die een koshuis is oop rakke met gordyne voor gebruik as hangkaste en klerekaste. Hierdie stelsel het hewige verliese vir die studente beteken aangesien baie kamers ook nie kon sluit nie.

(ii) Dagstudente.

Die studente wat loseer het, het veral die klem laat val op die gebrek aan beheer wat daar oor hulle uitgeoefen word. Hulle beskou hulself veral as die stiefkinders van die universiteit aangesien studente wat tuis woon óf in koshuise tuis gaan, ten minste iemand het wat 'n ogie oor hulle kan hou.

(g) 15. (ii) Studente wat loseer kan byvoorbeeld nêrens gaan klae oor losiesaangeleenthede nie - indien hulle ontevrede is, moet hulle maar eenvoudig self die probleem probeer oplos. Van owerheidsweë kan hulle slegs name en adresse van losieshuiseienaars verkry dog geen bevestiging of dié aangebode plek goed of sleg is nie. Die ondersoeker het studente onder uiters swak omstandighede aangetref en hierdie studente het hierdie adresse by die universiteitskantore gekry. Ander swak losiesplekke adverteer byvoorbeeld op die amptelike studentekennisgewingsbord. Dit val op dat verblyfplekke hoegenaamd nie deur die universiteitsowerheid gekeur word nie. Die studente leraars bied waardevolle dienste aan met betrekking tot verblyf. Hulle is egter in hoofsaak beperk tot die Afrikaanssprekende bevolking van bepaalde kerkverband, en losies aangebied deur Engelssprekendes val dus eintlik buite hulle beheer. Dit spreek dus duidelik dat daar bepaald 'n behoefte bestaan ten opsigte van losiesaangeleenthede - 'n sentrale beheerpunt ontbreek en hierdie gebrek word duidelik aangevoel wanneer 'n mens so onder die studente beweeg.

Dit gebeur byvoorbeeld dat studente losieskontrakte aangaan en dan té laat hulle foute ontdek. Niemand kan hulle volledig inlig met betrekking tot verblyf ens. nie.

Dagstudente wat by hulle ouers tuis gaan, het baie minder probleme - die meeste probleme is hier oënskynlik meer van 'n sosiale aard. Die studente smag na klubgeriewe waar die dagstudente netsoos koshuisstudente kan ontspan en deelneem aan sosiale aktiwiteite. Dagstudente wil ook graag na 'n plek vir ontspanning gaan wat altyd tot hulle beskikking is. Hierdie afwesigheid van 'n klub dwing baie studente bioskope toe of om naweke elders te gaan deurbring. Die bestaande klubs, verenigings ens. reël byvoorbeeld nie elke aand en/of naweek byeenkomste nie - 'n goeie dagstudente klub sal 'n daadwerklike poging wees van die kant van owerheidsweë om in hierdie groot behoefte te voorsien.

(g) 16. _'n Kritiese oorsig van hierdie ondersoek._

(i) Hierdie ondersoek betrek sowat 50% van die studente wat uit Transvaalse Hoërskole afkomstig is. Die aantal studente wat ingesluit is, vorm nogtans 'n groot persentasie van die totale aantal eerstejaarstudente.

(ii) Die totale aantal studente uit Transvaalse Hoërskole is in twee identiese groepe verdeel, naamlik 'n sogenaamde eksperimentele en 'n kontrole groep. Ten opsigte van die sosiologiese ondersoek is slegs aandag aan die eksperimentele groep geskenk aangesien ons nie instaat was om enige veranderings op sosiologiese gebied te weeg te bring nie.

(iii) Hierdie ondersoek berus dus in hoofsaak slegs op 'n eksperimentele basis. Dit dien slegs as 'n rigtingwyser.

(iv) Ongeveer 13% van die 196 studente kon nie opgespoor word nie en hulle is gevolglik uitgelaat.

(v) Koshuisstudente en dagstudente vorm elk 'n groep van so ongeveer 50%, gevolglik betrek hierdie twee groepe dus naastenby eweveel studente elk.

(vi) Die geslagtelike samestelling van die 1955-groep toon sowat 67% mans teenoor ongeveer 33% dames aan.

(vii) Meer as 'n kwart van die studente uit Transvaalse Hoërskole woon in koshuise van die plaaslike Onderwyskollege.

(viii) Ongeveer 10% eerstejaarstudente het twee en/of meer kamermaats gehad. Die grootste groep studente, bietjie meer as die helfte van die totale groep, het elk 'n kamermaat gehad. Drie en/of meer inwoners per kamer behoort nêrens, veral nie in koshuise nie, toegelaat te word nie.

(ix) Die meeste studente wat binne 'n straal van vier myl vanaf die universiteit gewoon het, het op twee uitsonderings na, by hulle ouers gewoon.

(x) Die voorkoms van die huise waarin die studente woonagtig was, was deurgaans besonder gunstig.

(xi) Die omgewings waarin die verblyfplekke van die studente geleë was, was op 'n paar uitsonderings na, buitengewoon gunstig vir studie-doeleindes.

(g) 16. (xii) Meeste studente het in baie goeie kamers gewoon met betrekking tot meubels ens.

(xiii) Eetgeriewe vir studente wat kamers huur en op ander plekke moet eet, verdien aandag. Dit wil voorkom asof die eetplekke ongerieflik geleë en moeilik bekombaar is.

(xiv) Alle studente het nie oor gerieflike tafeltjies en/of stoele vir studie-doeleindes beskik nie. Elke student behoort, na die mening van die ondersoeker, oor 'n eie tafeltjie en stoel te beskik.

(xv) Kamermaats behoort beperk te bly.

(xvi) Losiestariewe behoort ondersoek te word en 'n meer eenvormige beleid behoort ingestel te word.

(xvii) Wasserygeriewe vir dagstudente wat loseer, laat veel te wense oor en moontlik behoort dagstudente toegelaat te word om teen betaling van vasgestelde tariewe, klere deur middel van universiteitskoshuise te laat was. Hierdie moontlikheid behoort ondersoek te word.

(xviii) Baie strenger beheer moet oor die studente uitgeoefen word tydens die eerstejaar op universiteit - veral ten opsigte van dagstudente wat loseer.

(xix) Daar bestaan 'n groot behoefte aan klubgeriewe vir dagstudente en daadwerklike optrede in dié verband verdien bepaald aandag.

(xx) 'n Sentrale beheerpunt ten opsigte van losiesaangeleenthede ontbreek en daar moet spoedig in hierdie rigting afgestuur word.

(xxi) Hierdie ondersoek berus op suiwer sosiologiese grondslag en die metode wat hier aangewend is, is die begrypende metode. Hierdie metode veronderstel natuurlik dat die ondersoeker 'n agtergrond van eie kennis en ervaring sal hê wat voldoende is om hom te lei in die ontdekking van die motiewe van 'n handeling. Die fundamentele beginsel hier is dié van innerlike waarneming - jy moet kan begryp en verstaan.

---